# HOOFSTUK 3

# DIE BEHEER EN ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS VAN SWAK=SIENDES IN DIE R.S.A. EN ENKELE OORSESE LANDE

## 3.1 INLEIDING

In die onderhawige hoofstuk sal die beheer en organi=sasie van die onderwys vir blanke swaksiende kinders in die R.S.A. en enkele oorsese lande toegelig word. Aspekte wat in besonder aandag sal kry is die wyse waarop onderwys=geleenthede vir swaksiende kinders in die R.S.A. histories onder sekere beheerliggame tot stand gekom het.

Met betrekking tot die organisasie van die onderwys vir swaksiendes sal daar in besonder verwys word na die praktyke van integrasie van swaksiende leerlinge in die gewone skool versus die onderwys van swaksiendes in afsonder=like skole.

Verdere vraagstukke wat in die hoofstuk toegelig sal word hou verband met die kriteria wat amptelik aangewend word, plaaslik en oorsee, wanneer bepaal moet word of 'n leerling tot 'n ander skool of klas as die gewone skool op grond van sy gesigsgebrek toegelaat moet word, metodes, prak=tyke en tegnieke wat in die toelating van leerlinge gebruik word en pogings wat aangewend word om die vroeë opsporing van swaksiende kinders te verseker.

## 3.2 HISTORIESE AANLOOP VAN DIE TOTSTANDKOMING VAN ONDERWYS=GERIEWE VIR SWAKSIENDE BLANKE KINDERS IN DIE R.S.A.

Ten einde die beheer en die organisasie van onderwys van swaksiendes in die R.S.A. in perspektief te sien, is dit nodig om kortliks op die totstandkoming van onderwys=instellings vir hierdie kategorie van die buitengewone onderwys te let.

Reeds so vroeg as 1948[1] is daar met die onderwys van swaksiendes by wyse van 'n "gesigsbewaringsklas" aan die skool vir Blindes te Worcester begin omdat daar altyd 'n groep kinders aan die skool was wat nog oor bruikbare gesigs=reste beskik het. Afgesien van die feit dat hierdie leer=linge van braille as onderrigmedium gebruik gemaak het, was hulle nog altyd in staat om boeke in gewone druk vir ont=spanning te lees.

Hierdie eerste klas van sy soort vir blankes in Suid-Afrika kom onder die leiding van mejuffrou G. Oellerman[2] tot stand. In hierdie klas is leerlinge van standerd 2 tot standerd 5 saam onderrig, terwyl die kleiner swaksiende kin=ders saam met hul blinde maats onderrig ontvang het.

Daar is baanbrekerswerk op die gebied van die onderwys vir swaksiendes gedurende hierdie periode gedoen. Die klas loop weer ten einde met die vertrek van mejuffrou Oellerman aan die einde van 1951[3] na die Braamfonteinse Afrikaans=mediumskool waar sy 'n klein klas vir swaksiende kinders vir tien jaar lank waarneem.

Gedurende die laat veertigerjare kom die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys, onder beheer van die drie Afrikaanse Susterskerke tot stand.[4] Hierdie liggaam sou in die toekoms 'n belangrike rol speel in die bevordering van onderwys vir gestremde kinders.

Die konstitueringsvergadering van die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys vind op 13 Maart 1947[5] onder voorsitterskap van ds. G.D. Worst plaas, terwyl ds. J.F. Linde as sekretaris van die "Gesamentlike Kommissie" verkies word.

---

1. Vaughan, V.H. "Die onderwys van swaksiendes". Konferen=sie van onderwysers in skole vir blindes en swaksiendes, 1964, p.64.
2. Die Prinshofskool vir Swaksiendes. Die Prins, 1970. "Uit die verlede".
3. Loc. cit.
4. Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys. Statuut, par. 4(a).
5. Notule van die stigtingsvergadering.

'n Beginselbesluit wat op hierdie vergadering geneem is, bepaal onder andere dat die Kommissie hom ten doel stel: "die oprigting van 'n skool vir dowes in die noorde wat voorlopig primêre onderwys beoog vir dowe en hardhorende kinders in die noordelike provinsies."[6] Deur die beywering van hierdie liggaam kom die Transoranje-Skool vir Dowes op 17 Augustus 1954 tot stand.[7]

Op 'n vergadering van die Instituut, gehou op 12 Oktober 1954, rapporteer die prinsipaal, mnr. Vaughan, dat 'n sestigtal ouers 'n versoekskrif by die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ingedien het, waarin hulle vra dat onderwysgeriewe vir hulle blinde kinders in die Noorde voorsien moet word.[8] Dit was die begin van die onderhande=linge wat in 1963 op die stigting van die Prinshofskool vir Swaksiendes en Kleuterblindes in Pretoria uitgeloop het.[9]

Die skool staan onder die beheer van die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys en word gesubsidieer deur die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, tans die Departement van Nasionale Opvoeding.[10]

Mejuffrou Oellerman en haar genoemde groepie swaksiende leerlinge het aan die begin van 1963 vanaf Johannesburg na Pretoria-Noord verhuis[11] waar hulle 'n private woning betrek het en in Junie van dieselfde jaar is hulle na die nuwe skool oorgeplaas.

In Mei 1967[12] word die Prinshofskool vir Swaksiendes in sy huidige voltooide vorm deur mevrou Betsie Verwoerd, eggenote van die vorige eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, geopen. Dit is 'n pragskool wat uit doeltreffende, moderne geboue bestaan en oor toerusting, apparaat, geriewe, speel=

---

6. Loc.cit.
7. Transoranje-Instituut 25 jaar oud. Pretoria. 8 Maart 1972, p.2.
8. Ibid., p.3.
9. Loc.cit.
10. R.S.A. Wet op Onderwysdienste, Wet no. 41 van 1967, art. 5.
11. Zaaiman, Linda. Kinders van die skemerte kry 'n skool. Sarie Marais, 22 Januarie 1964, p.20.
12. Transoranje-Instituut 25 jaar oud, p.4.

terreine en koshuise beskik wat by die swaksiende se besondere behoeftes aangepas is.

In 1963, met die opening van die skool, was daar 24 leerlinge[13] ingeskryf. Hierdie getalle groei aan tot 110 leerlinge in 1966[14] toe mnr. P.P. Peach as hoof aangestel word, onder wie se besielde en bekwame leiding die skool sedertdien staan. In Januarie 1972 kom die leerlingtal in die skool op 245[15] te staan.

Tans is hierdie skool die enigste in die land waar onderwys vir blanke swaksiendes in 'n afsonderlike skool aangebied word. Die skool word in die woorde van 'n joernalis beskryf as 'n "unieke skool waar daar nuwe lig opgaan en 'n nuwe wêreld van hoop vir swaksiendes ontvou."[16]

Benewens die onderwys vir swaksiende kinders van graad 1 tot standerd 10, word daar ook voorsiening gemaak vir die onderwys van blinde kinders van graad i tot graad ii, op welke stadium hierdie blinde leerlinge na die Worcesterse Skool vir Blindes oorgeplaas word.

In 1964, 'n jaar na die totstandkoming van die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria, word daar met 'n afsonderlike afdeling vir swaksiendes aan die Worcesterse skool vir Blindes, 'n aanvang gemaak.[17] 'n Ou private woning, bekend as Ebenaeser, te Porterstraat, word vir dié doel ingerig, bestaande uit drie klaskamers, 'n handwerkkamer, 'n lokaal vir vergrotingsapparaat en 'n klein personeelkamer. Die leerlinge op daardie stadium was 27 van Sub. A tot standerd 5, met drie onderwyseresse.[18]

Op daardie stadium reeds word besondere pogings aangewend om in die onderwysbehoeftes van die swaksiende kinders

---

13. Transoranje-Instituut 25 jaar oud, p.4.
14. Loc.cit.
15. Loc.cit.
16. De Wet, H. "Die skemer voor hul oë". Bylae ~~tot~~ Dagbreek, 1 Oktober 1967, p.3.
17. Worcesterse Skool vir Blindes. Verslag vir die jaar 1964, p.8.
18. Loc.cit.

te voorsien. Spesiale "Kopspiegel"-lampe is uit Nederland vir beligting ingevoer en spesiale apparaat is geïnstalleer vir die vergroting van handboeke.[19]

Die Bestuur van die Worcesterse Skool vir Blindes het voortgegaan met pogings om meer permanente huisvesting vir die afdeling swaksiendes te vind, sodat hierdie afdeling aan die einde van die derde kwartaal in 1967[20] na die geboue van die ou provinsiale hospitaal, waar baie meer ruimte beskik=baar is, oorgeplaas is. Die verpleegsterstehuis is as 'n hostel vir seuns en dogters ingerig en huisouers vir die hostel, sowel as 'n vise-prinsipaal vir die afdeling swak=siendes, is aangestel.

In 1968 word die swaksiende leerlinge in standerd 6 ook by die Afdeling vir Swaksiendes ingeskakel, maar standerds 7 tot 10 is nog steeds by die skool vir blindes ingeskakel sodat die leerlinge saam met die blindes onderrig ontvang.

In 1970, toe die getalle in die Swaksiende Afdeling in die Worcesterse Skool vir Blindes reeds op 51[21] gestaan het, word daar gerapporteer dat die stelsel van gekombineerde klasse nog steeds gevolg moet word, omdat die getal leer=linge in hierdie afdeling nie volgens die toepaslike departe=mentele voorsieningskaal 'n vermeerdering van personeel regverdig nie. Die huidige akkommodasie is nog baie beknop en van die leerlinge moet nog in die hostelle vir blindes tuisgaan wat ver van die skool geleë is.

Tans word 'n nuwe skoolgebou vir die Afdeling Swaksien=des beplan wat akkommodasie aan 150[22] leerlinge sal bied. Die totale getal swaksiende leerlinge aan die Worcesterse Skool vir Blindes verbonde beloop sowat 80.[23] Die nuwe skool sal egter nie meteens vir al hierdie leerlinge voor=siening kan maak nie, aangesien die voltooiing van die skool

---

19. Loc.cit.
20. Worcesterse Skool vir Blindes. Verslag vir die jaar 1967, p.8.
21. Worcesterse Skool vir Blindes. Verslag vir die jaar 1970, pp.14-15.
22. Kyk Bylae A, vrae 2.71 en 2.72. Gegewens verskaf deur vise-hoof van die Afdeling Swaksiendes.
23. Antwoord op vraag 1.8 van Bylae A.

oor 'n periode van 5 tot 6 jaar sal strek. Aanvanklik sal ook net vir een hostel voorsiening gemaak word.

Volgens 'n besluit van die beherende liggaam sal die Afdeling vir Swaksiendes onder die hoof van die Skool vir Blindes ressorteer.

## 3.3 BEHEER EN ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS VIR SWAKSIENDES IN DIE R.S.A.

### 3.3.1 Beheer

#### 3.3.1.1 Die Wet op Onderwysdienste, Wet no. 41 van 1967

Volgens artikel 2 van bogenoemde Wet kan die Minister van Nasionale Opvoeding, in oorleg met die Minister van Finansies, skole instel, in stand hou en bestuur om onder andere ook buitengewone onderwys (artikel 44(d)) te verskaf. Volgens Bylae 1 van genoemde Wet word swaksiende kinders in die kategorie "gestremdes" geplaas en artikel (ix) bied 'n verdere omskrywing van wat onder die begrip "gestremd" beskou word.

Volgens artikel 5(i) kan die Minister ook 'n bestaande skool wat buitengewone onderwys verskaf tot 'n ondersteunde skool verklaar en op grondslag van en onderworpe aan die voorwaardes wat hy in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, aan so 'n ondersteunde skool 'n subsidie betaal.

Met betrekking tot die beheer van skole wat onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer, en waarby skole vir swaksiendes ingesluit is, word in artikel 43 van die Wet, voorsiening gemaak daarvoor dat die Minister regulasies kan uitvaardig wat onder andere betrekking het op:

a. die instelling, instandhouding, bestuur, beheer en af= skaffing van skole;
b. die afneem van eksamens, die aanstelling, besoldiging, gedrag, bevoegdhede en pligte van eksaminatore, moderatore, opsieners en ander persone wie se dienste in verband daar= mee nodig is, die inskrywing van kandidate vir eksamens, tug van kandidate, die uitreiking van diplomas en sertifikate;

c. die aanstelling, verplasing, ontslag, tug, gedrag, bevoegdhede, pligte, diensure, verlofvoorregte en ander diensvoorwaardes van werknemers.

Met betrekking tot die skoolplig van swaksiende leerlinge bepaal artikel 36 van die Wet dat die Sekretaris 'n kind wat ingevolge 'n wetsbepaling aan skoolplig onderworpe is, en nie 'n spesiale skool bywoon nie, en na wat hy vermoed 'n gestremde is, kan laat ondersoek. As hy bevind dat die kind 'n gestremde (swaksiende) kind is, stel hy die ouers in kennis dat die kind buitengewone onderwys behoort te ontvang. Die ouers kan dan teen hierdie bevinding na die Minister appelleer, wie se beslissing finaal sal wees. Indien die appél nie slaag nie, sal die Sekretaris in oorlegpleging met die ouer beslis na watter spesiale skool die kind gestuur moet word.

3.3.1.2 Die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys en die Instituut vir Dowes en Blindes te Worcester

Die onderwys van blanke swaksiendes in die R.S.A. word uitsluitlik aan die twee instansies, die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria en die Worcesterse Skool vir Blindes - Afdeling Swaksiendes, behartig.

Hierdie twee onderwysinstellings word deur twee verskillende en heeltemal outonome liggame beheer, te wete die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys in die geval van die Prinshofskool en die Instituut vir Dowes en Blindes in die geval van die Worcesterse Skool. Daar is geen verband tussen hierdie twee liggame nie, benewens die gemeenskaplike belang van die onderwys van die gesigsgestremde en die uitruil en oorplasing van leerlinge. In albei gevalle word die skole deur die Departement van Nasionale Opvoeding gesubsidieer sodat hierdie skole bekend staan as ondersteunde skole, gesubsidieer deur die Departement van Nasionale Opvoeding.[24]

Die Instituut vir Dowes en Blindes te Worcester bestaan sedert 1881 en ressorteer onder 'n Sinodale Bestuur van die

---

24. R.S.A. Die Wet op Onderwysdienste, Wet no. 41 van 1967, artikel 5.

Nederduits Gereformeerde Kerk van Kaapland.[25] Die bestuur bestaan uit 7 lede, waarvan 5 deur die N.G. Kerk aangestel word. In die reël is drie van die lede predikante en twee is stadsraadslede. Twee van die lede is staatsverteen=woordigers, benoem deur die Departement van Nasionale Opvoeding. Die twee skoolhoofde van die Skool vir Blindes en die Skool vir Dowes, het ook sitting op die Bestuur.

Hierdie Bestuur beheer die hele Instituut vir Dowes en Blindes, bestaande uit drie inrigtings, te wete, die Skool vir Dowes, die Skool vir Blindes en die Werkwinkel en Tehuise vir blinde volwasse persone. Die werk van die drie inrigtings hou dikwels regstreeks verband met mekaar, ofskoon elkeen sy eie, afsonderlike administratiewe program van werksaamhede en van uitbreiding het.[26] Die Bestuur is die koördinerende liggaam en is met veeleisende en diverse verantwoordelikhede belas soos onder meer:[27] die aanstelling van personeel, diensvoorwaardes van personeel (blank en nie-blank), aankoop van uitrusting, finansiële beleid, goedkeuring van begrotings, goedkeuring en instandhouding van addisionele poste op die diensstaat, betrekkinge met staatsdepartemente, kerklike instansies, donateurs en die algemene publiek, verteenwoordig=ing by vergaderings en konferensies, belange van oud-leerlinge, beplanning van die skool, dienste, bouprogramme en diverse aan=geleenthede van 'n huishoudelike aard.

In die geval van die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria, is die onmiddellike beheerliggaam die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys wat in 1947 onder beheer van die drie Afrikaanse Susterskerke tot stand gekom het met die doel om voorsiening te maak vir buitengewone onderwys noord van die Oranjerivier.[28]

---

25. Skool vir Blindes, Worcester. Verslag vir die jaar 1970, p.3.
26. Loc.cit.
27. Ibid., p.4.
28. Transoranje-Instituut. Notule van die Stigtingsver=gadering, 13 Maart 1947.

Die eerste Bestuur was soos volg saamgestel:

Ds. G.D. Worst, Voorsitter (N.G. Kerk),
Ds. J.F. Linde, Sekretaris (N.G. Kerk),
Ds. H.J. Reyneke (N.G. Kerk, O.V.S.).
Ds. A.J.G. Oosthuizen (N.H. Kerk),
Dr. P.J.S. de Klerk (Gereformeerde Kerk),
Mev. S.B. Broers (S.A.V.F.),
Mnr. A.F. Weich (F.A.K.),
Mnr. A. Stofberg (Transvaalse Onderwysdepartement) en
Mnr. P.J. Theron (Unie Onderwysdepartement).[29]

Tans maak die Konstitusie van die Transoranje-Instituut voorsiening vir die volgende samestelling van die Bestuur:[30]

15 predikante van die N.G. Kerk in Transvaal,
3 predikante van die N.G. Kerk in die Oranje-Vrystaat,
1 predikant van die N.G. Kerk in Natal,
4 predikante van die Hervormde Kerk,
4 predikante van die Gereformeerde Kerk,
1 lid van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie,
1 lid van die Hervormde Sustersvereniging,
1 lid van die N.G. Vrouehulpdiens,
1 lid van die Oranje-Vrystaat Vroue Landbou-Unie,
6 Staatsverteenwoordigers en
1 Sekretaris.

Tans beheer die Instituut die Prinshofskool en die Transoranje-Skool vir Dowes sowel as twee nuwe skole, een vir epileptici en een vir swakhorendes, albei in Pretoria geleë.

Wat die beherende hierargie van die Skool verder betref, ressorteer die Dagbestuur onmiddellik onder die Transoranje-Instituut. Dit is 'n kleiner komitee van die Transoranje-Instituut wat funksioneer wanneer die Instituut nie self in sitting is nie en dit hanteer alle sake wat nie finansiële

---

29. Loc.cit.
30. Transoranje-Instituut. Statuut, par.4.
Vgl. Transoranje-Instituut 25 jaar oud, Pretoria, 8 Maart 1972, p.1.
Vgl. Prinshofskool Jaarverslag, 1969, p.1.

implikasies het nie.[31]

'n Tweede komitee, amper volwaardig aan die Dagbestuur, is die Finansiële Komitee waarheen alle finansiële sake verwys word.[32] Hierdie twee komitees staan op feitlik horisontale vlak onder die Instituut.

Onder hierdie komitees ressorteer die verskillende skoolkomitees waarop die prinsipaal van die skool ampshalwe as sekretaris dien.

Die beheerliggame van die skole samel self fondse in vir hulle aandeel in die onderwys. Ouditeure word deur die beheerliggame benoem en deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur.

Salarisse van personeel word 100 persent deur die Departement gesubsidieer en die personeel skakel by die pensioen- en verlofvoorregte van die Staatsdiens in. Die diensvoorwaardes van onderwysers word deur die Departement neergelê want die skole word volgens die Wet op Onderwysdienste, Wet no. 41 van 1967, geadministreer. Streng gesproke word die beheerliggame van die genoemde skole vir buitengewone onder= wys deur die Staat as adviserend beskou.

### 3.3.2 Organisasie

Volgens omsendbrief O/B S.O. 1 van 31 Desember 1970 van die Departement van Nasionale Opvoeding is die Prinshofskool vir Swaksiendes gegradeer as 'n Graad I-skool met 'n prinsipaal, twee vise-hoofde en 27 addisionele goedgekeurde voltydse onder= wysposte op daardie stadium, 4 administratiewe poste, 12 huismoederposte, 1 drukkerspos, 'n voltydse verpleegster en 'n deeltydse oogarts in beheer van die oogkliniek. Sedert= dien is 'n vierde beheerpos, naamlik 'n adjunk-hoofpos, en 'n tweede deeltydse oogartspos gevul.[33]

---

31. Antwoorde verkry uit vraelys. Kyk Bylae A, vraag 1.3.
32. Loc.cit.
33. Prinshofskool. Jaarverslag 1 Julie 1971 tot 30 Junie 1972, pp.2, 6.

Studente van die Skool vir Optometrie van die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys besoek die skool elke Vrydag en doen noukeurige evaluering van refraksiestoornisse.

Die skool maak voorsiening onder een dak vir die onderwys van swaksiende leerlinge op pre-primêre, primêre en sekondêre vlak tot standerd 10 met Matrikulasievrystelling. Op pre-primêre vlak is daar 'n beginnersklas met die oog op oriëntering van die kleuters alvorens hulle tot die formele onderwys in graad i toegelaat word.

Die voorbereidende afdeling vir blindes maak voorsiening vir die onderwys van kleuterblindes tot graad ii op welke stadium hulle na die Worcesterse Skool vir Blindes oorgeplaas word.

Die skool beskik oor drie koshuise en diverse spesiale dienste wat in 'n latere hoofstuk meer breedvoerig behandel sal word. Hierdie dienste sluit onder meer in: voorligtingsdiens, musiekafdeling, oudiovisuele diens, grootdrukafdeling, skoolbiblioteek en 'n diversiteit van optiese- en onderwyshulpmiddels wat spesifiek vir die swaksiende kind se onderwysbehoeftes ontwerp is. Op buitemuurse vlak word die leerlinge in staat gestel om aan kulturele en sportaktiwiteite deel te neem soos onder andere debatsvereniging, filmvertonings, slagorkes, skaak, volkspele, swem, C.S.V., blaasorkes en leerlingkonserte.

Die skool is 'n dubbelmediumskool vir seuns en meisies en swaksiende leerlinge word in die reël toegelaat wanneer die kind reeds 5 jaar oud geword het. Faktore wat by die aanvanklike toelating van swaksiende kinders ook in aanmerking geneem word is of die kind skoolgereed is en waar die ouers woonagtig is. As die ouers in Pretoria woonagtig is, sal hy as 'n dagskolier op 'n vroeër ouderdom toegelaat word mits hy skoolgereed is en die ouers vrywillig toestemming gee.[34]

---

34. Kyk Bylae A, vrae 1.4, 1.5 en 1.6.

In gevalle waar die ouers buite Pretoria woonagtig is, en die kind as 'n kosskoolleerling toegelaat moet word, is die beleid van die skool om te wag totdat die kind 'n volle ses jaar oud is. Dit is verkieslik dat die kind reeds op 'n vroeë ouderdom die gespesialiseerde dienste van die spesiale skool sal benut maar in die middag en aand behoort hy weer in die huislike milieu terug te wees.

Volgens artikel 36 van die Wet op Onderwysdienste, Wet no. 41 van 1967, kan die Sekretaris van Onderwys 'n gestremde kind na 'n spesiale skool stuur. Hy kan ook, na oorlegpleging met die ouer, 'n kind wat 'n spesiale skool bywoon, na 'n ander spesiale skool oorplaas (artikel 38). 'n Leerling mag nie sonder die goedkeuring van die Sekretaris van die Departement van Nasionale Opvoeding 'n spesiale skool bywoon na die einde van die kalenderjaar waarin hy die leeftyd van een en twintig jaar bereik nie (artikel 39(2)).

Die swaksiende leerlinge mag die skool verlaat, net soos in die geval in die gewone onderwys, aan die einde van die jaar waarin hulle 16 word of standerd 8 geslaag het. In die skool se toelatingsvereistes word bepaal dat die kind die skool verlaat wanneer hy sy kursus aan die skool voltooi het en in die praktyk is dit tussen 16- en 20-jarige leeftyd.

Aan die Worcesterse Skool vir Blindes is daar 'n parallelle organisasie en is daar tans 80 swaksiende leerlinge van Sub. A tot standerd 10.[35]

Sub. A tot standerd 6 funksioneer as 'n afsonderlike Afdeling vir Swaksiendes in 'n aparte gebou onder die leiding van 'n vise-prinsipaal. In 1971 was daar 51 leerlinge in hierdie afdeling. Swaksiende leerlinge in standerd 7 tot standerd 10 is tans saam met blindes gegroepeer in dieselfde klaskamers.

Die Skool vir Blindes maak ook voorsiening vir 'n junior en senior aanpassingsklas, drie hulpklasse, 'n vakafdeling en

---

35. Kyk Bylae A, vraag 1.8.

beroepsafdeling. In al hierdie klasse en afdelings word die swaksiendes saam met die blindes onderrig. Omdat die skeiding tussen die swaksiendes en blindes by die skool nog net gedeeltelik gerealiseer kon word, kon 'n hulpklas vir swaksiendes nog nie by die Swaksiende Afdeling (waar dit tuishoort) ingeskakel word nie. In die tydelike gebou wat tans deur die Afdeling vir Swaksiendes betrek word, is daar nie so 'n lokaal beskikbaar nie.

Dit word in vooruitsig gestel deur die jongste beplanning dat sodra die nuwe geboue en fasiliteite op 'n eie terrein beskikbaar is, die nodige skeiding tussen blindes en swaksiendes sal plaasvind. Pedagogies-didakties is die huidige situasie nie verantwoordbaar nie, naamlik dat die swaksiendes en blindes in dieselfde klas gelyktydig onderwys ontvang.

Aan die Afdeling vir Swaksiendes is die leerlinge volgens die tradisionele indeling in 8 klasse verdeel met 8 personeellede, insluitende die vise-hoof.

## 3.4 BEHEER EN ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS VIR SWAKSIENDES IN ENKELE OORSESE LANDE 36

### 3.4.1 Engeland

#### 3.4.1.1 Beheer van die onderwys van swaksiendes

Die beheer van die buitengewone onderwys in Engeland word in die Education Act van 1944 saamgevat:

---

36. Tensy waar spesifiek in voetnote na ander bronne verwys word, is die inligting met betrekking tot die onderwyspraktyke in die onderhawige Europese lande waarna in die volgende hoofstukke verwys word uit persoonlike onderhoude met skoolhoofde, inspekteurs van onderwys, onderwyspersoneel, beroepsplasingsbeamptes en gesaghebbendes op die gebied van gesigsgestremdes verkry gedurende 'n studiereis wat die skrywer in 1972 na Wes-Europa onderneem het om ondersoek in te stel na die onderwys van swaksiendes in die onderhawige lande. In die samesprekings is gebruik gemaak van die ope vraelyste in bylaes C, D en E. 'n Naamlys van persone met wie onderhoude gevoer is verskyn in Bylae F van hierdie proefskrif.

a. Artikel 8 maak daarvoor voorsiening dat spesiale onderwys= geriewe in spesiale skole aan kinders met enige liggaams- of verstandelike gebrek voorsien sal word deur die L.E.A.'s (Local Education Authorities).

b. Die L.E.A.'s sal ook koshuisgeriewe daar stel vir kinders wat op spesiale onderwys aangewys is.

c. Hierdie skole sal bekend staan as "Special Schools".

d. Artikel 33 bepaal dat hierdie spesiale skole nie noodwen= dig op die grondslag van afsonderlike junior en senior skole georganiseer hoef te word nie.

e. Artikel 34 bepaal dat die L.E.A.'s 'n opname sal maak van al die leerlinge vanaf die ouderdom van twee jaar in hulle gebiede wat spesiale onderwys nodig het.

Die Onderwyswet van 1944 raak ook aangeleenthede aan soos die ouer se regte met betrekking tot die ondersoek van hulle kinders en toelating tot spesiale skole, gronde waarop 'n kind gesertifiseer word vir buitengewone onderwys en die statutêre skoolpligouderdom van gestremde kinders. Hierdie wet verleen ook magte aan die Minister om al die verskillende kategorieë van gestremdheid te omskryf met die oog op voor= siening van die buitengewone onderwys.

Aangesien die Onderwyswet van 1944 bepaal dat die bui= tengewone onderwys deur die L.E.A.'s verskaf sal word, is dit nodig om kortliks die beherende rol van hierdie plaaslike onderwysliggame in die verband te skets.

Die Minister word bygestaan deur twee adviserende onderwysrade; een vir Engeland en een vir Wallis.[37] Die lede van die Rade word deur die Minister aangestel op grond van hulle onderwyservaring.

Op plaaslike vlak word die beheer en administrasie van die onderwys deur die L.E.A.'s behartig wat die verkose Rade van die Counties (die plattelandse en kleiner dorpe) en County Boroughs (die groot stede en dorpe) is, en wie se

---

37. Great Britain, Ministry of Education. The Statutes. XXVI, 1941-1944. Education Act 1944, artikel 4.

taak dit is "to contribute towards the spiritual, moral, mental and physical development of the Community by securing that efficient education throughout those stages shall be available to meet the needs of the population of their area."[38]

Die Ministerie van Onderwys voorsien dus die nodige fondse en die L.E.A.'s voorsien die onderwysgeriewe, neem onderwysers in diens en neem die inisiatief ten opsigte van onderwysaangeleenthede.

In 1968 dui die National Association for the Education of the Partially Sighted in 'n brosjure[39] aan dat daar 46 skole in die Britse Eilande bestaan wat op een of ander wyse vir die onderwys van swaksiendes voorsiening maak.

Gedurende die persoonlike ondersoek wat die skrywer vir die doel van hierdie studie onder andere ook in Engeland uitgevoer het, is dit gevind dat hierdie skole in 'n groot mate afsonderlik van mekaar funksioneer en dat daar weinig koördinasie ten opsigte van die onderwys van swaksiendes in Engeland bestaan, behalwe lidmaatskap van die genoemde Association for the Partially Sighted en 'n indirekte skakeling met die Royal National Institute for the Blind in Londen. Hierdie Instituut is egter nie direk gemoeid met die onderwys van swaksiendes nie.

3.4.1.2 Organisasie van die onderwys vir swaksiendes

Peach,[40] wat in 1968 'n deurtastende ondersoek na die onderwys vir gesigsgestremdes, onder andere ook in Engeland, uitgevoer het, beweer dat benewens die verskille wat daar tussen die skole vir swaksiendes bestaan met betrekking tot grootte, finansiële bystand en denkrigting, daar ook 'n ver= skil in die gehalte van die onderwys van skool tot skool aangetref was.[41] Die organisasie van die skole vir swak=

---

38. Ibid., art. 7.
39. National Association for the education of partially-sighted. List of schools and classes engaged in work with partially-sighted children, Birmingham.
40. Peach, P.P. Verslag van buitelandse studiereis.
41. Ibid., p.97.

siendes skep die indruk van 'n losse samehang waar elke skool 'n eie patroon volg met betrekking tot sillabusse, handboeke, metodiek en apparaat.[42]

Daar bestaan volgens skoolhoofde met wie die skrywer onderhoude gevoer het[43] geen voorgeskrewe departementele sillabusse of kurrikula nie. Die personeel van die skool stel die sillabusse in breë trekke saam en die hoof van die skool keur dit goed.

Hulpdienste, soos oogheelkundige dienste en sielkundige dienste, word nie as 'n integrale deel van die skoolprogram aangebied nie. As dit nodig geag word, volgens die skool=hoofde se getuienis, dan word van staats- en plaaslike ower=hede se dienste gebruik gemaak soos wat byvoorbeeld by County Hall deur die Inner Local Education Authority van Londen aangebied word. Amptenare van hierdie instansies bring periodieke besoeke aan die skole en doen die nodige ondersoeke.

Skole besit outonomie ten opsigte van aangeleenthede soos byvoorbeeld evaluering en bevordering. Die leerlinge word bevorder op grond van krediete wat hulle deur die loop van die jaar verwerf het en op grond van die oordeel van die hoof en personeel van die skool.

Aan die einde van die primêre skool, op ongeveer 11-jarige leeftyd, vind daar 'n duidelike baanverdeling plaas, soos in die gewone skool en sit leerlinge in sommige gevalle selfs hulle studies op sekondêre vlak, aan die gewone "Secondary Modern Schools" of aan skole vir blindes voort. Worcester College is een van die enkele skole in Engeland wat blinde leerlinge en enkele swaksiendes deur middel van braille vir universiteitstoelating voorberei.

Aan die einde van die sekondêre skoolperiode kan die leerlinge inskryf vir die Certificate of Secondary Education-eksamen en hulle kan selfs na addisionele skoling aan 'n College for Further Education enkele vakke op die hoër vlak

---

42. Ibid., p.98.
43. Kyk Bylae C, vraag 15.

(A-level) vir die General Certificate of Education aanbied.

Met die uitsondering van die Exhall Grange School in Coventry, berei geen skool vir swaksiendes leerlinge voor vir toelating tot die universiteit nie.

Aan etlike skole vir buitengewone onderwys in Engeland, word op dieselfde terrein onderwys vir verskillende katego= rieë van gestremdheid aangebied, sodat sekere fasiliteite soos swembaddens, handwerksentrums, kookkunslokale, eetsale, gimnastieksale en so meer, gemeenskaplik gebruik word.

'n Opvallende verskynsel wat aan sommige van die skole vir swaksiendes waargeneem was, was dat bevordering van leer= linge nie noodwendig aan die einde van 'n kalenderjaar plaas= vind nie, maar wel wanneer 'n vakature in 'n volgende klas ontstaan, sodat leerlinge in dieselfde klas nie noodwendig op dieselfde skolastiese peil en in dieselfde standerd is nie.

Die skole vir swaksiendes maak in die reël voorsiening vir alle skoolgaande ouderdomme (all-age schools) met die verskil dat leerlinge op 'n veel vroeër ouderdom toegelaat word, gewoonlik op 4±-jaar[44] en hulle woon die skool vir swaksiendes by tot ongeveer die 16de of 17de lewensjaar.

Die onderskeid wat daar in Engeland tussen blindes en swaksiendes vir onderwysdoeleindes gemaak word berus nie suiwer op differensiasie volgens vissussyfers nie, maar veel eerder op die vraag of die kind deur middel van visuele metodes kan leer of nie. Met die oog op die organisasie van die onderwys vir swaksiendes in afsonderlike skole of saam met blindes, stel Jackson[45] die tradisionele Britse standpunt as volg:

"Although a child may be able to tell dark from light and distinguish faint outlines, he may nevertheless be classified as educationally blind, because he cannot see well enough to be educated by sighted methods..... partially-sighted children, although needing certain visual aids, will learn by

---

44. Kyk Bylae C, vraag 3.
45. Jackson, S.. Special Education in England and Wales, p.64.

visual means and will not need to learn braille. They will be encouraged to use what sight they have and to become 'sight-minded' rather than 'ear minded'."

Volgens Lumsden[46] het die ondervinding in Engeland geleer dat gesamentlike onderrig vir die twee kategorieë van die buitengewone onderwys, vir albei nadelig is en dat die strewe is om hulle in afsonderlike skole te onderrig. "The partially-sighted are part of the sighted community and from the start they should be brought up to live as part of it and not with the blind."[47]

Sedert die 1944-Education Act het die mening al hoe meer op die voorgrond begin tree dat die onderwys van die swak= siende op die lees van die gewone onderwys geskoei word, en om die buitengewone onderwys te beskou "as a part of general education, and for integrating the handicapped child in programs for non-handicapped children wherever possible.... and even when attendance at special schools is necessary, it means preparation of the youngster for life as a self-sufficient adult in the normal community."[48] Die gevolg is dat gestremde leerlinge deesdae slegs na 'n spesiale skool verwys word as hulle nie behoorlik aan die gewone skool onder= rig kan word nie of as hulle teenwoordigheid in die gewone skool vir die ander leerlinge hinderlik mag wees.

Die gewone komprehensiewe skool in Engeland kan 'n re= delike voorsiening vir die behoeftes van die swaksiende adolessent maak as gevolg van die diversiteit van kursusse en vakkeuses wat deur dié skole onder een dak aangebied word, veral in die meer tegniese en praktiese studierigtings met minder klem op die teoretiese en akademiese.

Benewens die spesiale skole vir swaksiendes in Engeland is daar spesiale eenhede of klasse vir swaksiendes aan gewone

---

46. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Verslag van die Komitee oor Onderwysgeriewe aan swaksigtige leerlinge, p.98.
47. Loc.cit.
48. Taylor, W.W. et.al. Services for handicapped youth in England and Wales, p.32.

skole verbonde, omdat die aantal swaksiende leerlinge nie altyd 'n afsonderlike skool regverdig nie.

In die reël woon die swaksiende leerlinge aanvanklik die gewone skool by in Engeland (waar hulle gesigsgebrek na vore kom). Dit is slegs in baie ernstige gevalle van gesigsgebrek dat die swaksiende leerling sy skoolloopbaan in die spesiale skool begin of uiteindelik voltooi, omdat hy gewoonlik vir voortgesette onderwys na die gewone skole gaan.

### 3.4.2 Nederland[49]

#### 3.4.2.1 Beheer

Die buitengewone onderwys, waaronder ook die onderwys van swaksiendes ressorteer, word in Nederland deur die Staat beheer ofskoon die Gemeente (Stadsraad) of kerklike instansies soos die Rooms Katolieke Kerk verantwoordelik kan wees vir die totstandkoming van 'n skool.

Die onderwys van swaksiendes word deur die Lager Onderwyswet van 1920 gereël. Met verloop van tyd is etlike "Koninklijke Besluite" afgekondig om die ontwikkeling van die buitengewone onderwys in 'n bepaalde rigting te stuur. Volgens 'n "Besluit van 2 Februarie 1967"[50] word onder meer tussen die verskillende kategorieë van die buitengewone onderwys onderskei (artikel 2) en word die moontlikheid van afsonderlike skole vir swaksiendes vir die eerste maal geskep (artikel 5). Dit bring 'n verandering in die tradisionele situasie wat in Nederland geheers het mee dat swaksiende en blinde kinders in dieselfde skool onderrig is al was dit dan ook in afsonderlike klasse.

Betreffende die toelating van leerlinge tot 'n skool vir buitengewone onderwys bepaal genoemde Besluit as volg (artikel 7): "Tot een school mogen slechts die kinderen worden

---

49. Die inligting in hierdie paragraaf vervat is verkry uit die antwoorde op die vraelys (Bylae D) wat aan die persone in Bylae F genoem, voorgelê is.
50. Koninkrijk der Nederlande. Ministerie van Justitie. Staatsblad (STB 58), Struyken, 1967.

toegelaten, die uit hoofde van een zintuiglik lichamelijk of geestelijk gebrek of van hun gedrag dan wel op grond van maatschappelijke omstandigheden ander dan buitengewoon lager onderwijs niet met vrucht kunnen volgen en voor het op die school gegeven onderwijs in aanmerking komen."

In 1971 was daar 6 skole vir swaksiendes, met 'n totale leerlingtal van 520 leerlinge en 7 skole vir blindes met 'n leerlingtal van 612 leerlinge in Nederland.[51]

Hierdie inrigtings is Rooms-Katolieke, Protestants-Christelike, neutrale gemeenteskole en private skole onder die bestuur van 'n raad of direksie. Volgens wet maak al hierdie skole aanspraak op finansiële hulp van die Staat. Die Staat betaal die onderwysers se salarisse en die gemeente (stadsraad) finansier die geboue, uitrusting en lopende onkoste ook genoem "eksploitatiekoste".[52]

3.4.2.2 <u>Organisasie van die onderwys vir swaksiendes</u>

Die algemene organisatoriese patroon van die onderwys vir swaksiendes in Nederland is op die lees van die gewone onderwys geskoei.

In die basisskool word swaksiende leerlinge in afsonder=like skole of -afdelings aan skole vir blindes onderrig vir 'n periode wat min of meer van die 6de tot die 12de lewens=jaar strek. Dit gebeur dat daar dikwels op dieselfde terrein afsonderlike skole vir swaksiendes en blindes aangetref word soos in die geval van die De Wijnberg Instituut te Grave, die Bartimeüs Stichting te Zeist en die Instituut Henricus te Nijmegen.

In sulke gevalle word daar gemeenskaplike gebruik gemaak van fasiliteite soos swembaddens, handwerk- en huishoudkunde=sentrums, beroepsopleidingsfasiliteite en so meer.

---

51. Syfers verstrek deur M. Holl, hoofinspekteur van Buiten=gewoon Lager Onderwijs, Utrecht, April 1972.
52. Vlietstra, N.Y. Onderwysvoorsiening vir die gestremde kind in Nederland. Nasionale Konferensie oor die ge=stremde kind, 1967, p.116.

Tot aan die einde van die primêre skool (basisskool) is daar algemene skeiding tussen blindes en swaksiendes maar in die Middelbare Algemene Voortgesette Onderwys (MAVO) vind die onderrig van swaksiendes en blindes in Nederland nog soms gesamentlik plaas, nieteenstaande die pedagogies-didaktiese besware wat teen hierdie praktyk ingebring kan word. Die rede wat vir hierdie gebruik gedurende die besoeke van die skrywer aan die skole aangegee was, was dat die geringe getalle van elk van die kategorieë nie afsonderlike onderwys= fasiliteite regverdig nie.

Wat die Middelbare Algemene Voortgesette Onderwys (MAVO) en die Hoër Algemene Voortgesette Onderwys (HAVO) in Nederland betref is die organisasie nie uniform in al die skole vir swaksiendes in Nederland nie. Volgens mnr. Holl, hoofinspek= teur van buitengewone laer onderwys is daar tans twee stand= punte in Nederland oor die onderwys wat op die basisschool (primêre onderwys) volg. Daar is die standpunt dat swak= siende leerlinge nie op die skool vir swaksiendes vir die sekondêre onderwys moet aanbly nie. Leerlinge word dan vir die voortgesette onderwys in die gewone skole geïntegreer en hulle ontvang hulp van die instituut vir swaksiendes as daarom gevra word.

Volgens die ander denkrigting bly die swaksiende leer= linge vir drie tot vier jaar in die spesiale skool vir swak= siendes en volg die kurrikula van die gewone skole vir voortgesette onderwys. Dit is dan die einde van die MAVO-periode wat voor 1968 in Nederland as die Meer Uitgebreide Laer Onderwys (MULO) bekend gestaan het.

Die intelligenter swaksiende leerlinge wat die Hoër Algemene Voortgesette Onderwys (HAVO) wil volg moet in ieder geval na 'n gewone skool vir hierdie doel oorskakel. Leer= linge wat na die 4de jaar van MAVO na die HAVO oorskakel, moet by die 4de klas van hierdie skool begin, met ander woorde die oorskakeling geskied met die verlies van een jaar. Na die 5de klas van die HAVO kan leerlinge oorskakel na die 5de klas van die akademiese Gimnasium of Atheneum, dit wil sê

die oorskakeling geskied weer eens met die verlies van een jaar. Na die 6de klas van laasgenoemde twee skooltipes kan leerlinge toelating tot die universiteit verkry.

Die MAVO berei leerlinge voor met die oog op beroepe op 'n laer niveau, terwyl die HAVO as voorbereiding tot hoër beroepsopleiding dien, maar nie op universitêre vlak nie. Die Gimnasium met 'n akademiese kurrikulum in tale en die Atheneum wat natuurwetenskaplik georiënteerd is, dien as voorbereiding tot die tersiêre onderwys.

Wat die kleuteronderwys betref is die beleid dat alle opvoedbare gestremde kleuters tot die kleuterskole vir nie-gestremdes toegelaat word omdat die kleuterperiode in die kind se leeftyd as 'n sosialiseringsperiode beskou word en sy gebrek nog nie 'n faktor is wat aan hom 'n gevoel van af=sydigheid gee nie of verwerping deur maats veroorsaak nie. Toelating tot die skool vir swaksiendes geskied dan op onge=veer 6-jarige leeftyd.

### 3.4.3 Beheer en organisasie van die onderwys vir swak=siendes in België 53

#### 3.4.3.1 Beheer

In België is daar 9 skole (Institute) vir visueel ge=stremdes, want inderdaad is daar nie skole wat uitsluitlik vir swaksiendes bedoel is nie. Die skole vir visueel ge=stremdes het wel afsonderlike afdelings vir blindes en swaksiendes en in sommige gevalle ook vir dowes.

Van die 9 institute is ses Katolieke instellings, twee provinsiale skole en een 'n stadskool. Daar bestaan geen staatskool (Rijkschool) vir swaksiendes in België nie, want so onlangs as 20 jaar gelede was daar in België van ower=heidsweë nog geen belangstelling in die onderwys van gestrem=des nie. Die gevolg was dat die onderwys van hierdie kinders deur die Rooms Katolieke Kerk geïnisieer is.

---

53. Die inligting in hierdie afdeling vervat is verkry uit die antwoorde op die vraelys (kyk Bylae D) wat aan die persone in Bylae F genoem, voorgelê is.

Die koördinerende liggaam van die Katolieke Institute te Brugge, Huldenberg, Ukkel, Woluwé en Antwerpen staan bekend as die Nationaal Verbond van het Katholiek Buiten=gewoon Onderwijs wat in Brussel gesetel is. Die skole staan onder die beheer van die Ministerie van Nasionale Opvoeding wat ook die onderwyserssalarisse finansier en 'n toelaag aan die skole betaal wat as die "werkingskoste" bekend staan. Hierdie bedrag het in 1972 op ongeveer R30-00 per kind per jaar te staan gekom. Die geboue is die private eiendom van die Rooms Katolieke Kerk.

Die koshuise aan die skole verbonde ressorteer onder die Ministerie van Volksgesondheid, dit wil sê die versorgings=aspek van die gestremde kind word deur hierdie departement behartig en gesubsidieer. Die onderhoudskoste het in 1972 op 'n bedrag van ongeveer R4-00 per kind per dag te staan gekom en is hoofsaaklik afkomstig van wat bekend staan as "kindergeld" wat deur alle loontrekkers in België ontvang word. Wanneer 'n ouer 'n gestremde kind op koshuis het, dan doen hy afstand van die "kindergeld" wat hy vir daardie betrokke kind ontvang.

3.4.3.2 Organisasie

Wat die algemene organisasie van die onderwys vir swak=siendes betref, is dit op dieselfde lees as die gewone onderwys geskoei. Leerlinge word op sesjarige leeftyd tot die primêre onderwys toegelaat en die primêre skoolfase eindig op ongeveer 12/13-jarige leeftyd. Die sekondêre onderwys duur van ongeveer 13-jarige leeftyd tot die ouderdom 17/18 jaar.

In die primêre afdeling is daar ses klasse wat saam=gegroepeer word om drie stadia of grade uit te maak, te wete:

| | |
|---|---|
| 6- en 7-jariges | - eerste graad, |
| 8 - 9-jariges | - tweede graad en |
| 10- en 11/12-jariges | - derde graad. |

Aan die einde van die primêre skool vind daar soos in Nederland 'n baanverdeling plaas en word die leerlinge in

die laer sekondêre onderwys gekanaliseer.

Die volgende is 'n tipiese organisasie van 'n instituut vir die onderwys van swaksiende seuns op laer sekondêre onderwysniveau soos te Woluwé in Brussel aangetref word:

Tegniese afdeling

Die opleiding duur 4 jaar plus een "finale" jaar, plus 'n sesde jaar vir spesialisasie.

Handelsafdeling

Die opleiding duur drie jaar, plus 'n vierde jaar vir finale afronding.

Telefonie-afdeling

Drie jaar onderwys plus 'n finale jaar.

Beroepsafdeling (vlegwerk en banketbakkery)

Die opleiding in albei hierdie rigtings duur 4 jaar met 'n aanvullende 5de jaar vir finalisering en afronding.

Beroepsonderwys word slegs op 'n laer sekondêre vlak vir swaksiendes aangebied, soos ook in die geval van tegniese onderwys. Algemene humaniora met die oog op universiteits=toelating wat ses jaar na die primêre skoolfase duur, word nie vir swaksiendes in afsonderlike skole in België aangebied nie, en die leerlinge woon vir hierdie doel gewone skole by. Dit is egter by herhaling gedurende samesprekings met beheer=personeel van die institute aan die skrywer gestel dat dit hoogs uitsonderlik is dat 'n swaksiende leerling in België laasgenoemde studierigting sal volg. Die situasie in België verskil dus lynreg van dié in Suid-Afrika waar die onderwys vir swaksiendes tradisioneel op akademiese lees geskoei is.

Tans word die situasie met betrekking tot akademiese onderwys vir enkele begaafde swaksiendes weer in oënskou ge=neem in België. Daar word oorweging geskenk aan 'n 6-jarige humaniora aan skole vir swaksiendes, of om hierdie leerlinge in gewone skole te integreer met "monitore", dit wil sê met helpers om hulle by te staan.

In die onderwys van swaksiendes word daar gepoog om sover moontlik die kurrikula en sillabusse van die gewone onderwys getrou na te volg, sodat 'n ekwivalente standaard gehandhaaf kan word. As 'n leerling dus op 'n sekere stadium na die gewone onderwys wil oorskakel, moet dit met maklike aansluiting kan geskied.

### 3.4.4 Beheer en organisasie van die onderwys vir swaksiendes in Wes-Duitsland [54]

#### 3.4.4.1 Beheer

Die beheer van die onderwys vir swaksiendes in Wes-Duitsland is ietwat verskillend van "Land" tot "Land", want Wes-Duitsland wat as die Bundesrepubliek bekend staan, bestaan uit 10 verskillende "Länder" wat elkeen absolute outonomiteit besit met betrekking tot die onderwys. Die enigste koördinerende liggaam ten opsigte van die onderwys van gesigsgestremdes is wat as "Die Blinden und Sehbehinderte Bildungswesen", bekend staan.

In die Bundesrepubliek is daar 15 afsonderlike, selfstandige skole slegs vir swaksiendes met 'n totale leerlingtal van 1 275 in 1972. Daarbenewens is daar nog spesiale klasse verbonde aan gewone skole te Aachen, Griessen, Kassel en Wiesbaden, terwyl daar nog in sewe ander stede gekombineerde skole vir blindes en swaksiendes bestaan. Die totale leerlingtal van swaksiendes aan al die genoemde instansies in die Bundesrepubliek kom op 1 November 1971 op 1 838 te staan.[55]

In die reël word die skole vir swaksiendes in die lewe geroep deur die stadsbesture wat verantwoordelik is vir die kapitaaluitgawes, onderwysmiddele, geboue en so meer, terwyl die onderwyserssalarisse deurdie "Landesregierung" gefinansier word onder wie se beheer die skole dan ook staan.

---

54. Behalwe waar na spesiale bronne verwys word, is die onderstaande inligting verkry uit die antwoorde op die vraelys (kyk Bylae E) wat aan die persone in Bylae F genoem, voorgelê is.
55. Syfers verskaf deur Erhard Teumer, Direkteur van die Sonderschule für Sehbehinderte, Hannover.

3.4.4.2 Organisasie

(a) Swaksiende en blinde kleuters besoek gewone kleuter= skole in die omgewing waar hulle woon ofskoon daar enkele kleuterskole is waar swaksiendes en blindes in 'n gesament= like groep betrek word. Aan die Schule Borgweg in Hamburg word 'n voorbereidende klas aangetref waarin leerlinge opge= neem word wat nie gereed vir die formele onderwys is nie. Later word hulle dan tot die eerste klas van die primêre afdeling toegelaat.[56] Normaalweg vind toelating tot die skool vir swaksiendes op sesjarige leeftyd plaas en die statutêre skoolplig duur 9 jaar afgesien van watter skolas= tiese peil die leerling bereik.

(b) Die organisasie van die onderwys vir swaksiendes volg dieselfde patroon as die van die gewone onderwys. Die eerste fase van die Grundschule (primêre onderwys) duur 4 jaar wat as 'n "Beobachtungstufe" bekend staan. Gedurende hierdie tydperk kry die onderwysers die geleentheid om die leerling te evalueer en die leerling kry die geleentheid om homself te oriënteer met betrekking tot 'n studierigting.

Na die observasiefase, op ongeveer 12-jarige ouderdom, vind daar 'n baanverdeling plaas met die oog op gedifferensieer= de studierigtings.

Gedurende besoeke aan skole vir swaksiendes in Wes-Duitsland, is dit bevind dat daar groot uiteenlopendheid bestaan met betrekking tot die studiegeleenthede vir swak= siendes op sekondêre onderwysvlak.

Die skoolorganisasie vir swaksiendes, soos aan die Schule Borgweg in Hamburg aangetref, was die mees gevorderde en het die wydste studierigtings aangebied.

Na dié observasiefase kan 'n leerling tot die Haupt= schule-afdeling of die Realschule-afdeling van die skool toetree of hy kan die skool vir swaksiendes verlaat en tot 'n gewone Gymnasium toetree.

---

56. Vergelyk die praktyk aan die Prinshofskool vir Swak= siendes in Pretoria.

Die Hauptschule (algemene sekondêre skool) duur drie jaar na voltooiing van die Grundschule en die observasie=fase, dit wil sê die 7de, 8ste en 9de skooljaar. Hierna verlaat die leerling die skool, of hy kan tot die Handel=schule (handelsafdeling aan die skool vir swaksiendes) toe=tree waar die opleiding 'n verdere drie jaar duur.

Aan die Realschule-afdeling aan die skool vir swak=siendes duur die opleiding vier jaar as die leerling na die "Beobachtungstufe" (observasiefase) toegelaat is, dit wil sê die 7de, 8ste, 9de en 10de skooljare, waarna die leer=ling die skool verlaat om te gaan werk of om vir verdere beroepsopleiding na 'n Berufschule te gaan.

Na voltooiing van die Realschule kan die leerling ook toetree tot die Handelskoolafdeling in welke geval die op=leiding dan 'n verdere twee jaar duur.

Na die 4de, 5de, 6de of 7de skooljaar kan leerlinge ook toetree tot 'n gewone Gymnasium, die akademiese sekondêre skool, met die oog op verwerwing van die "Abitur" wat die toelatingsvereiste tot die universiteit is.

Aan die Schule Borgweg in Hamburg vind daar ook 'n kombinasie van klasse plaas vir Hauptschule, Realschule en Handelschule-rigtings vir sekere vakke waarin leerlinge op 'n gelyke peil van gevorderdheid is.

Tot die 9de skooljaar geskied die onderwys van swak=siendes en blindes afsonderlik, maar daarna geskied dit ge=samentlik omdat getalle dit nie regverdig om die twee kategorieë te skei nie.

(c) Aan die Sonderschule für Sehbehinderte in Duisburg, word die intelligenter leerlinge dikwels aan die einde van die primêre skoolfase na die gewone Realschule of Gymnasium oorgeplaas met die oog daarop om later na die universiteit te gaan, omdat leerlinge wat die senior sekondêre akademiese kursus wil volg in ieder geval die gewone skole moet bywoon. Dit geld ook vir leerlinge wat 'n handelskool wil bywoon omdat die skool vir swaksiendes in Duisburg nie soos in die

geval van die Schule Borgweg in Hamburg die verskillende gedifferensieerde studierigtings aanbied nie.

(d) Dit is betekenisvol om op die jongste beplanning met betrekking tot die onderwys vir swaksiendes in Noordryn-Wesfale te let, wat as die "Schulen für Sehbehinderte Grundsatzplanung"[57] bekend staan.

Volgens hierdie beplanning sal die skoolstelsel vir swaksiendes 'n eie organisasie hê waarvolgens die verskillende tipes skole van die gewone onderwys in een deurlopende organisasie geïnkorporeer sal wees, maar spesifiek vir swaksiendes ontwerp. Hierdie voorgestelde skoolorganisasie sal byvoorbeeld die Grundschule, Volkschule (Hauptschule), Realschule, Gymnasium en so meer insluit.

Omdat dit nie prakties moontlik sal wees om al die verskillende skooltipes onder een dak in alle stede aan te bied nie, word konsolidasie beoog waardeur vir 'n aantal skole, dorpe of vir 'n streek 'n gesamentlike skool by 'n sentrale punt opgerig sal word met koshuisfasiliteite en reisgeriewe vir leerlinge wat in die omgewing van die skool woonagtig is. Die nuwe organisasie van die skool sal dan as volg daaruit sien:

i. 'n Voorskoolse afdeling - 1 tot 2 jaar lank.
ii. Grundschule (primêre onderwys) - 5 jaar.
iii. Die eerste fase van die sekondêre onderwys - 5 jaar.
iv. Afronding en oriëntering met die oog op verdere studie - 1 jaar.
v. Tweede fase van die sekondêre onderwys wat op "Abitur" (universiteitstoelating) uitloop, met ander woorde die einde van die huidige Gymnasiumonderwys.

Dit word ook beplan dat daar in hierdie organisasie spesiale voorsiening vir beroepskole en handelskole vir swaksiendes gemaak sal word.

---

57. Landesregierung Nordhein-Westfalen. Blindenreform in Nordrhein-Westfalen. Auszug aus dem Nordrhein-Westfalen-Programm 1972. Teil. 4. Bildung und Forschung, p.l.

Met inagneming van die relatiewe geringe getalle swak= siendes word dit in vooruitsig gestel dat daar aanvanklik slegs twee skole sal wees om suiwer akademiese opleiding aan swaksiendes aan te bied, naamlik een in die noorde en een in die suide van Duitsland (Stuttgart en Dortmund).

Daar word daarna gestrewe om deur middel van konsoli= dasie uiteindelik 'n onderwysstelsel vir swaksiendes te skep wat gedifferensieerde onderwys in tegniese-, handels- en akademiese rigtings sal aanbied.

### 3.4.5 Die beheer en organisasie van die onderwys vir swaksiendes in die Verenigde State van Amerika

#### 3.4.5.1 Beheer

Ofskoon integrasie van die swaksiende leerlinge in die gewone skool algemeen in die V.S.A. toegepas word, bestaan daar in dié verband ook nie uniformiteit in die praktyk nie. Hierdie situasie word duidelik as in gedagte gehou word dat daar in elk van die 32 000 skooldistrikte in meer as 50 state in die V.S.A.outonomie ten aansien van die beheer en organi= sasie van die onderwys bestaan.[58]

Hierdie situasie het ontstaan uit hoofde van die feit dat die Amerikaanse grondwet bepaal dat elke afsonderlike staat verantwoordelik is vir sy eie onderwysreëlings. "Each legislative has developed an individual plan for taking care of education. This resulted in a variety of state patterns. .... There is therefore no inclusive system of education in the United States as there is in England, France and other European countries."[59]

Omdat die buitengewone onderwys ten nouste saamhang met die algemene onderwysstelsel van 'n betrokke land, soos dit ook in die voorafgaande paragrawe duidelik geword het, word dieselfde diversiteit wat die gewone onderwys in die

---

58. Hartford, E.F. Education in these United States, pp.16-17.
59. Hughes, J.M. Education in America, p.270.

V,S.A. kenmerk, ook in die beheer van die onderwys van swak=siendes aangetref.

Vaughan maak in die verband die postulaat:[60] "Special education can never be divorced from ordinary education. It does not stand on its own."

Daar bestaan geen koördinerende liggaam in die V.S.A. met betrekking tot die onderwys vir swaksiendes nie en in elke afsonderlike staat dra die betrokke onderwysdepartement die verantwoordelikheid vir buitengewone onderwys en die organisasie daarvan aan spesifieke amptenare op.[61] Hierdie persone word aangestel op grond van hulle besondere kennis op dié vakgebied. Hulle is onder meer in beheer van onder=wysersopleiding vir die buitengewone onderwys, voorsiening van beurse, rekrutering van personeel, indiensopleiding, verskaffing van finansiële bystand vir onderwyshulpmiddels, boeke, uitrusting en so meer.[62]

In enkele state bestaan daar wel adviserende rade wat op die gebied van die buitengewone onderwys hulp verleen. Lede van hierdie rade bestaan in die reël uit verteenwoordi=gers van die onderwysdepartemente, plaaslike skole, oogartse, psigoloë, maatskaplike werkers, onderwysers en ouers.[63]

Hierdie rade is behulpsaam om algemene beleid met be=trekking tot onderwys vir swaksiendes voor te stel, lang=termynplanne te formuleer en toekomstige onderwysprogramme vir swaksiendes saam te stel. Hulle is ook behulpsaam met die verspreiding van onderwyshulpmiddels en uitrusting aan swaksiende leerlinge.[64]

---

60. Vaughan, V.H. Memorandum for the Committee of enquiry into the education of the visually handicapped, p.6.
61. U.S. Department of Health, Education and Welfare. The Visually handicapped child, p.27.
62. Ibid., p.28.
63. Ibid., p.29.
64. Loc.cit.

### 3.4.5.2 <u>Organisasie</u>

Organisatories bestaan die onderwys vir swaksiendes uit laerskole en dagskole wat deur die betrokke onderwysdeparte= ment onderhou word, voltydse spesiale klasse, "ko-operatiewe klasse", "resource rooms", reisende onderwysers en adviserende onderwysers (consultant teachers).[65]

(i) <u>Kosskole en dagskole</u>[66]

Alle state in die V.S.A. voorsien onderwysgeriewe vir swaksiendes aan kosskole, ofskoon die kosskole nie uitsluit= lik vir swaksiendes is nie. Indien daar nie 'n kosskool in die besondere staat bestaan nie, word die nodige reëlings met 'n buurstaat getref. Hierdie skole maak voorsiening vir die algehele versorging van die kind deur die aanbieding van aka= demiese, mediese, sosiale en ontspanningsfasiliteite sowel as vir voorberoepsopleiding. In enkele gevalle voorsien die skool ook naskoolse opleiding, beroepsplasing en nasorgwerk. Hierdie skole bied benewens die gewone akademiese program wye kurrikula aan met besondere klem op handvaardigheid, huis= houdelike kuns, liggaamlike opvoeding, musiek en opleiding om onafhanklik te reis.

Die jongste tendens in hierdie organisasie is egter om hierdie kosskole na dagskole te verander en die kind-ouerhuis-verhouding op 'n beter grondslag te plaas.[67] Die kind woon naamlik die skool bedags by, maar bring die res van die tyd saam met die huisgesin deur. Kinders van wie die ouers op afgeleë plekke bly, word aangemoedig om naweke en vakansies saam met hulle gesinne tuis deur te bring. Onderwysers en voorligters bring gereeld besoeke aan die ouers van swaksiende kinders en moedig die ouers aan om die skool te besoek en die vordering van hulle kinders en hulle probleme met die perso= neel te bespreek.

---

65. Loc.cit.
66. Ibid., pp.29-30.
67. Ibid., p.30.

(ii) Ko-operatiewe klasse[68]

Volgens hierdie organisatoriese patroon word 'n groep swaksiende leerlinge in 'n skool aan 'n spesiale onderwyser toevertrou as 'n 'ko-operatiewe klas' wat 'n spesiale stu=diegroep uitmaak. So 'n klas staan ook bekend as 'n 'home-room' vir die leerlinge. Vir 'n groot gedeelte van die dag ontvang die leerlinge onderrig van die onderwyser volgens 'n spesiale, vasgestelde rooster en werksprogram.

(iii) "Resource Room Plan"[69]

Hierdie skoolorganisasie geniet veral in die jongste tyd besondere aandag in die V.S.A. Swaksiende leerlinge word by onderwysers in die gewone klas ingeskryf en hierdie onderwysers neem dan die oorwegende verantwoordelikheid vir hulle opvoeding en onderwys. Net soos in die voorafgaande ko-operatiewe klasorganisasie impliseer hierdie stelsel dat daar dwarsdeur die dag spesiaal opgeleide personeel aan die skool beskikbaar sal wees in doeltreffend toegeruste klaskamers met die regte beligting en genoegsame ruimte met die oog op ortodidaktiese hulp vir die swaksiende leerlinge.

(iv) Reisende onderwysers (itinerant teachers)[70]

Onder hierdie skema word leerlinge aan 'n gewone skool naby hulle woonplek ingeskryf. Hulle ontvang dan aanvul=lende spesiale onderwys ooreenkomstig hulle behoeftes en gestremdheid deur reisende onderwysers wat spesiaal vir hier=die doel opgelei is. Hierdie onderwysers reis volgens 'n vaste skedule van een distrik en een dorpsgebied na die ander om skole te besoek.

Soos in die voorafgaande organisasie is die gewone onderwyser verantwoordelik vir die grootste gedeelte van die swaksiende kinders se onderwys. Die aanvullende onderwys deur die reisende onderwyser lê veral klem op spesifieke handvaardighede.

---

68. Ibid., p.35.
69. Loc.cit.
70. Loc.cit.

Die Amerikaanse Department of Health, Education and Welfare berig dat die vooraf gaande organisasie van die onderwys vir swaksiendes in 'n meer of minder gewysigde vorm in verskillende skole toegepas word.[71]

In sommige gevalle doen onderwysers vir 'n gedeelte van die week diens in die sogenaamde 'resource rooms' en daar=na doen hulle diens as reisende onderwysers vir die res van die week.

Op die voor- en nadele van die praktyk van integrasie van die swaksiende leerling in die gewone skool, soos deur=gaans deur die Amerikaners toegepas, sal nie nou uitgewei word nie aangesien hierdie aangeleentheid van integrasie versus afsonderlike skole vir swaksiendes in die volgende paragraaf 3.6, breedvoerig bespreek sal word.

Kritiek wat teen die Amerikaanse organisasie van die onderwys vir swaksiendes ingebring kan word is dat daar weinig onderwysers aan die gewone skole is wat doeltreffend vir die buitengewone onderwys opgelei is. Hierdie toestand ontstaan as gevolg van die relatiewe lae persentasie gesigsgestremdes wat aan die gewone skole oor die land versprei is en die beperkte spesiale onderwysdienste wat tot hulle beskikking gestel word aan die gewone skole.

Om hierdie leemte in die onderwys van swaksiendes die hoof te bied, maak die Amerikaners gebruik van die praktyk van "consultant teachers". Die enkele spesiaal opgeleide onderwysers word dan in hierdie hoedanigheid aangestel om onderwysers in die gewone skole en onderwysadministrateurs van advies te dien rakende die onderwys van swaksiendes. Hulle reis van gebied tot gebied om hierdie konsulterende diens te verrig.

Hierdie "consultant teachers" bied ook voorligting aan gewone onderwysers aan wat op 'n tydelike basis aangestel word om buitengewone onderwys aan indiwiduele leerlinge aan 'n skool te gee.

---

71. Op.cit., p.36.

## 3.5 KRITIESE BESPREKING

Dit is opvallend dat een van die grootste leemtes met betrekking tot die beheer van die onderwys ontstaan wanneer daar 'n gebrek aan koördinasie op die gebied is. In die R.S.A. is daar inderdaad drie beherende instansies op die gebied te wete die Transoranje-Instituut van Buitengewone Onderwys in die Transvaal, die Instituut vir Dowes en Blindes in die Kaapprovinsie en die oorkoepelende koördinerende be= heer wat deur die Staat deur die Departement van Nasionale Opvoeding uitgeoefen word.

Ofskoon hierdie beherende struktuur die indruk van verdeelde beheer mag skep, word uniformiteit ten aansien van die onderwys vir swaksiendes verseker deurdat die Staat statutêr[?] voorskriftelik optree in hierdie kategorie van die onderwys (buitengewone onderwys) met betrekking tot die in= houdelike en standaarde van die onderwys, personeelaangeleent= hede en so meer, soos in paragraaf 3.3.1.1 uiteengesit.

In die praktyk vervul die eersgenoemde twee onmiddellike bestuursliggame hoofsaaklik 'n adviserende funksie en word hulle belas met beheer op 'n plaaslike vlak en organisatorie= se aangeleenthede soos die insameling van fondse, toesig oor die besteding van finansies en die stigting van nuwe skole.

'n Enkele nalatenskap van die verdeelde beheer van die gewone onderwys in die R.S.A. wat met die wet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet no. 39 van 1967, tot 'n einde gekom het, is die feit dat aan die Afdeling Swaksiendes van die Worcester= se Skool vir Blindes die kurrikula en sillabusse van die Kaapse Onderwysdepartement gevolg word, terwyl die Prinshof= skool vir Swaksiendes in Pretoria die kurrikulum van die Transvaalse Onderwysdepartement op primêre vlak volg. Hierdie sisteem lewer probleme in die praktyk op omdat daar nie direkte skakeling tussen die skole vir swaksiendes en die twee genoemde provinsiale onderwysdepartemente bestaan nie. Die skole vir swaksiendes word dus nie deur die twee onderwysdepartemente op hoogte gehou met die jongste

beplanning en ontwikkeling op die gebied van die kurrikulum van die primêre skool nie.

Op sekondêre vlak is daar goeie koördinasie betreffende die inhoud van die onderwys aangesien albei skole die kurrikula en sillabusse van die Departement van Nasionale Opvoeding volg.

Die grootste enkele verskil tussen die twee skole lê op die gebied van die organisasie van die onderwys van swaksiendes op sekondêre vlak. Aan die Worcesterse Skool vir Swaksiendes word swaksiende leerlinge saam met blindes vanaf standerd sewe onderrig. Kritiek op hierdie aangeleentheid sal in die volgende paragraaf gelewer word wanneer die integrasie en segregasie van swaksiendes breedvoerig behandel sal word.

In België en Nederland geskied koördinasie as gevolg van die feit dat die buitengewone onderwys in die laaste instansie soos in die R.S.A. onder die Minister van Buitengewone Onderwys ressorteer. Daar is 'n groot ooreenkoms in die onderwysbeheer in dié twee lande en die R.S.A. Die Nationaal Verbond van Buitengewoon Katholiek Onderwijs in België en die Gemeentelike Beheerrade vervul 'n soortgelyke funksie as die Transoranje-Instituut en die Instituut vir Dowes en Blindes in die R.S.A., met finale beheer en finansiering deur die Staat.

As gevolg van die verdeelde beheer van die onderwys in die V.S.A., Wes-Duitsland en Engeland naamlik dat elke Amerikaanse staat, elke "Land" in Wes-Duitsland en die Local Education Authorities in Engeland outonomie in die onderwys besit, word die onderwys van swaksiendes op alle vlakke, maar in besonder wat die inhoud betref, veral in Engeland en die V.S.A. deur 'n gebrek aan uniformiteit en koördinasie gekenmerk. Dit lei tot uiteenlopende onderwyspraktyke en onderwysstandaarde.

## 3.6 DIE INTEGRASIE VAN SWAKSIENDES IN GEWONE SKOLE VERSUS AFSONDERLIKE SKOLE VIR SWAKSIENDES

As daar op die onderwyspraktyke met betrekking tot die integrasie van swaksiendes in gewone skole en skole vir blindes gelet word, kan vier basiese moontlikhede onderskei word, te wete volle integrasie in die gewone skool, gedeeltelike integrasie in die gewone skool, gedeeltelike segregasie saam met blindes op dieselfde terrein en/of klaskamer en volle segregasie van swaksiendes in 'n afsonderlike skool op 'n eie terrein.

Die gebruik om swaksiende leerlinge in die gewone onderwys ten volle te integreer soos in die V.S.A. toegepas, is ook in 'n mindere mate in Engeland, Nederland, België en Wes-Duitsland aangetref. Die verskil is egter dat in die Wes-Europese lande hierdie integrasie eers op die hoër sekondêre vlak plaasvind nadat die swaksiende leerling reeds vir geruime tyd die skool vir swaksiendes bygewoon het, dikwels tot ongeveer 16-jarige ouderdom. Hierdie integrasie in die gewone skool geld in die reël ook net vir die leerlinge wat 'n voortgesette akademiese en beroepsopleiding verlang.

### 3.6.1 Integrasie

#### 3.6.1.1 Volle integrasie

Die praktyk om swaksiende kinders in gewone klasse aan die gewone skool in te skryf, is veral gewild in die Verenigde State van Amerika. Die klasonderwyser neem die onderwys van hierdie enkelinge op hom, maar periodiek gaan hulle na 'n spesiaal opgeleide onderwyser aan die skool met die oog op spesiale hulp deur middel van indiwiduele metodes en deur middel van besondere onderwyshulpmiddels. Hierdie praktyk staan bekend as die sogenaamde "Resource Room Plan".

#### 3.6.1.2 Gedeeltelike integrasie

Gedeeltelike integrasie van swaksiende leerlinge in die gewone skool bestaan daaruit dat 'n groep of 'n klas van swaksiende leerlinge in 'n gewone skool aan 'n spesiaal opgeleide onderwyser toevertrou word. Hierdie swaksiende

leerlinge volg 'n spesiale vasgestelde rooster en daar word van buitengewone onderwyshulpmiddele gebruik gemaak.

Hierdie organisatoriese patroon word dikwels in die V.S.A.[72] en Engeland[73] aangetref, terwyl dit in die R.S.A. in die praktyk ook toegepas is met die spesiale klas vir swaksiendes van mejuffrou Oellerman aan die Braamfonteinse Afrikaans=mediumskool waarna in paragraaf 3.2 verwys is.

3.6.1.3 Argumente ten gunste van integrasie van swaksiendes in die gewone skool

Volgens die U.S.A. Department of Health, Education and Welfare[74] voer die voorstanders van die Amerikaanse stelsel van integrasie van swaksiendes, ten volle of gedeeltelik, in die gewone skool, die volgende argumente ten gunste van hier=die gebruik aan:

a. Die klem word op die ooreenstemminge van die swaksiendes en die normaalsiende leerlinge geplaas en hulle 'andersheid' word nie beklemtoon nie.
b. Die dienste van spesiaal opgeleide onderwysers kan maklik tot die beskikking van leerlinge gestel word, wat benewens hulle gesigsgestremdheid ook aan bykomstige belemmeringe ly, soos byvoorbeeld verstandelike vertraging en doofheid.
c. Die leerlinge deel in die groot verskeidenheid aktiwiteite van die gewone skoolprogram.
d. In hierdie organisasie word onderwysers beter in staat gestel om voltyds indiwiduele onderrig in gespesialiseerde aspekte van die kurrikulum te gee.
e. Die gesigsgestremde leerling ontvang sy onderwys in 'n milieu wat grootliks ooreenstem met dié waarin hy uit=eindelik as volwassene sal verkeer.

---

72. U.S.A. Department of Health, Education and Welfare, op.cit., p.35.
73. National Association for the education of the partially sighted, op.cit.
74. Op.cit., pp.35-36.

### 3.6.1.4 Kritiese beoordeling van die praktyk van integrasie van swaksiende leerlinge in die gewone skool

i. Mediese dienste

Dit val op dat in die argumente ten gunste van die in= tegrasie van swaksiende kinders in die gewone skool, daar nie melding gemaak word van een van die belangrikste redes waarom swaksiendes in afsonderlike skole onderwys moet ontvang nie, naamlik die noodsaaklikheid van 'n geïntegeerdee medies-óftalmologiese diens vir die swaksiende kinders. Prakties is dit net nie moontlik dat gereelde oogheelkundige geriewe vir enkele leerlinge aan 'n gewone skool, of vir een of twee klasse aan 'n skool geskep kan word nie.

Oor hierdie aangeleentheid laat die Van Schalkwyk-komitee[75] hom uit as hy sê dat daar so 'n noue samewerking tussen die oogarts en die skool moet wees dat die oogarts hom byna deel van die personeel moet voel en in die kinders moet belangstel vanuit 'n mediese maar ook 'n opvoedkundige stand= punt.

Oor die aangeleentheid van 'n mediese diens aan die swaksiende leerlinge aan die gewone skool stel Vaughan dit dat daar 'n geïntegreerde oftalmologiese diens aan die skool behoort te wees, nie slegs om medies korrektiewe diens te lewer nie, maar om deur noue samewerking tussen oftalmoloog en onderwyspersoneel die invloed van sekere oogkondisies op die leerhandeling na te gaan, want sekere kondisies skep spe= sifieke leerprobleme.[76]

"Such a service to partially-sighted children who are integrated into ordinary schools can hardly exist, at least not in South Africa."[77]

---

75. Op.cit., par.61.
76. Vaughan, V.H. Integration of partially-sighted children into ordinary schools. Newsletter of the National Association for the education of the partially-sighted. Birmingham, 1968, p.2.
77. Loc.cit.

ii. Psigologiese en Voorligtingsdienste

Swaksiende kinders maak op psigologiese en voorligtings=dienste aanspraak wat nie aan 'n gewone skool tot hulle be=skikking gestel kan word nie omdat die besondere dienste wat wel vir gewone skole bestaan nie vir die besondere behoeftes van die swaksiende ingestem is nie. Dit was ook as 'n leemte in die Engelse en Wes-Duitse onderwysvoorsiening vir swaksiendes ondervind dat psigologiese dienste nie aan die skole bestaan het nie, maar dat daar in die reël van openbare psigiatriese dienste gebruik gemaak word wanneer dit nodig mag wees.[78]

Die psigologiese en voorligtingsdiens aan 'n skool vir swaksiendes se taak is omvattender as om psigiatriese dienste aan die swaksiende leerlinge te lewer. Hierdie personeel het in besonder die taak om te verseker dat die swaksiende harmonieus by die skool en uiteindelik in die volwasse maat=skappy inskakel. Hierdie persone hou samesprekings met die swaksiendes indiwidueel en in groepverband en bied voorligting aan kinders, ouers, koshuispersoneel en onderwysers. Hulle skakel ook met die arbeidsektor om swaksiende leerlinge in diens te plaas. Aan die gewone skool kan hierdie gespesiali=seerde dienste nie tot die beskikking van die enkele swaksien=des gestel word nie.

In 'n latere hoofstuk sal daar breedvoerig op die spe=siale dienste van die voorligtings- en sielkundige afdeling van die skool vir swaksiendes ingegaan word.

iii. Opvoedkundig-didakties

In die R.S.A. het die ervaring geleer dat swaksiende kinders in 'n spesiale klas aan die gewone skool nie 'n ge=lukkige praktyk was nie. Ten spyte van die besondere bekwaam=heid van die onderwysers kon daar opvoedkundig nie reg aan hierdie leerlinge geskied nie.

---

78. Mnre. S.F. Wright, John Aird School Londen en H. Bätz, Rheinische Landesschule für Sehbehinderte, Duisberg in antwoord op vraag 45 van Bylae C.

In die V.S.A. waar die praktyk van integrasie van swak= siendes in die gewone skool algemeen toegepas word, bestaan daar in Amerikaanse onderwyskringe ernstige bedenkinge teen die gebruik en Hathaway[79] dui aan dat daar van die ongeveer 78 000 swaksiende leerlinge wat reeds in 1959 aan die gewone skole was, slegs sowat 8 00C oor die nodige onderwysgeriewe beskik het.

In die 133ste jaarverslag van die Perkins School for the Blind, Massachusetts, maak die superintendent die volgende stelling oor gesigsgestremde kinders aan gewone skole:

"Altogether too many of these children have not been well prepared in their public school programs. It is common for them to be retarded seriously in their academic work as compared with pupils already enrolled at Perkins."[80]

Gedurende die ondersoek wat in die R.S.A. vir die doel van hierdie studie uitgevoer is, is dit bevind dat wanneer 'n leerling vanaf die gewone skool na die skool vir swaksiendes oorgeplaas word, hierdie leerling reeds 'n skolastiese ag= terstand het wat daaraan toegeskryf moet word dat hy met sy gesigsgebrek en sy stadige tempo van lees en skryf nie die program van die gewone skool teen die tempo van sy siende klasmaats kan volhou nie.

Die onderwyseres wat enkele swaksiende leerlinge in haar klas in die gewone skool mag hê, is in die reël nie opgelei en opgewasse om aan die swaksiende se opvoedkundige en didaktiese behoeftes reg te laat geskied nie.

Die onderwyseres van 'n swaksiende klas aan 'n gewone skool staan dikwels geïsoleerd en alleen met haar onderwys= probleme. Sy kan nie raad en begrip van die skoolhoof en ander personeel verwag nie. So 'n klas sal ook op die basis van verskillende standerds in een klas gegroepeer moet word

---

79. Hathaway, W.. Education and health of the partially seeing child, p.33.
80. Aangehaal deur Vaughan, V.H. in The integration of partially-sighted children into ordinary schools, p.2.

wat opvoedkundig en didakties nie verdedigbaar is nie vanweë die vele probleme wat dit vir die kinders en onderwysers op=lewer.

iv. Maatskaplik

Een van die basiese argumente ten gunste van integrasie van die swaksiendes in gewone skole was dat die swaksiende dan op gelyke voet met sy siende eweknie kan deel in die groot verskeidenheid maatskaplike aktiwiteite van die skool. Hierdie argument hou nie steek nie, want die teendeel is eerder waar dat die swaksiende juis uitgesluit is van hierdie aktiwiteite omdat hy fisies nie kan deel in die buitemuurse aktiwiteite van siende leerlinge nie.

In sy wydste opset is die binne- en buitemuurse skool=program van die gewone skool nie beplan en opgestel met die behoeftes en belemmering van swaksiendes in gedagte nie.

Die swaksiendes aan 'n gewone skool voel hulleself maatskaplik uitgesluit, hulle beweeg "op die rand" langs en vorm groepies van hulle eie, trouens hulle word dikwels die voorwerp van spot van die ander leerlinge.

Hoe sou die hoëgraadse mioop of hipermetroop byvoor=beeld aan 'n balspeletjie, rugby, krieket, tennis en so meer saam met sy siende maats kan meedoen? Die swaksiende se uiterse onvermoë om op maatskaplike vlak aan die bedrywighede van die gewone skool mee te doen beklemtoon opnuut vir hom sy andersheid wat maar te dikwels tot 'n absolute gevoel van minderwaardigheid aanleiding gee.

Veral gedurende die adolessensie het die swaksiende 'n geweldige agterstand teenoor sy siende maats met betrek=king tot aangeleenthede soos uitstappies, liefdesverhoudinge, avontuur, motors, motorfietse en so meer, en juis gedurende hierdie periode het hy die simpatieke leiding en begrip van onderwysers nodig wat die nodige kennis en begrip vir sy probleme het. Personeel aan die gewone skool kan beswaarlik oor hierdie gespesialiseerde kennis en ervaring beskik.

Oor die maatskaplike probleem van die swaksiende aan die gewone skool, maak die superintendent van die Perkins

School for the Blind in sy voorafvermelde jaarverslag die volgende stelling:

"Socially, too, they seem to be even more seriously lacking .... In many cases rather than becoming a part of the group, they become seriously isolated both from school and community, and forced upon their own resources with little to indicate to them their inherent capabilities."[81]

v. Onderwysersopleiding

Die stelsel van integrasie, hetsy volledig of gedeeltelik, sal die indiensopleiding van onderwysers vir hierdie kategorie van die onderwys aansienlik bemoeilik, indien nie onmoontlik maak nie. Vir die praktikum gedeelte van die onderwysersopleidingsprogram in die R.S.A. en ook in sommige van die lande wat in die ondersoek betrek was, in besonder Wes-Duitsland, moet die aspirant onderwyser in die buitengewone onderwys 'n tydperk aan 'n skool vir swaksiendes onderwys gee. Hierdie praktiese kennis van die onderwys kan die kandidaat-onderwyser nie opdoen aan die gewone skool waar daar enkele swaksiende leerlinge in gewone klasse is nie, of waar daar slegs 'n klas vir swaksiendes aan 'n skool verbonde mag wees wat uit verskillende grade of standerds bestaan nie.

vi. Vervoer van swaksiende leerlinge

Omdat mobiliteit, in besonder die vermoë om onafhanklik van openbare vervoer gebruik te maak, vir die jeugdige swaksiende 'n wesenlike probleem is, word daar aan skole vir swaksiendes 'n spesiale vervoerdiens vir swaksiende dagskoliere ingestel. So 'n vervoerdiens sal nie prakties moontlik wees vir enkele leerlinge aan elke gewone skool nie.

Nadat daar op die leemtes van die praktyk van integrasie, volledige sowel as gedeeltelike integrasie, gewys is, is dit dan nou nodig om die meer verantwoordbare praktyk van segregasie toe te lig.

---

81. Ibid., p.2.

## 3.6.2 Segregasie

### 3.6.2.1 Volle segregasie

Die uiterste teendeel van die praktyk van volledige integrasie van swaksiendes in die gewone skool, is om vir swaksiende leerlinge in 'n afsonderlike skool wat in alle opsigte van die gewone skool en die skool vir blindes geskei is, voorsiening te maak, waar die hele onderwyswet op alle vlakke en terreine ingestel is op die eise wat die swaksiende aan die onderwys stel.

In die Republiek van Suid-Afrika is die amptelike beleid 'n beleid van algehele segregasie in sover dit die onderwys van swaksiendes raak.

In die opdrag aan die Van Schalkwyk-komitee van 1958 om ondersoek in te stel na onderwysgeriewe vir swaksiende leerlinge, word die woorde gebesig "…. om met inagneming van die aanvaarde beginsel dat hooggradige swaksigtige leerlinge aan spesiale skole onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, hulle onderwys sal ontvang…."

Die Komitee vereenselwig hom ook met hierdie "… beleid soos in die opdrag neergelê, om swaksigtiges in spesiale skole te versorg"[82] en kom tot die betekenisvolle besluit: "Ons moet daartoe kom om skole vir swaksigtiges te stig wat al die fasiliteite van die laer- en hoërskool kan bied - selfs beter as die deursnee-skool sodat dit op akademiese en kulturele gebied met die gewone skole kan meeding om sodoende ouers te laat besef dat dit in belang van hul kinders is om hulle daarheen te stuur."[83] (Komitee se kursivering).

### 3.6.2.2 Gedeeltelike segregasie

Toe daar tot 'n beslissing in die R.S.A. oor die onderwysorganisasie van swaksiendes gekom moes word, is aan die alternatief van volle segregasie ook oorweging geskenk, naamlik

---

82. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Verslag van die Komitee oor onderwysgeriewe aan swaksigtige leerlinge, p.l.
83. Ibid., par.61.

om swaksiendes in 'n afsonderlike skool saam met blindes te onderrig.

Die Van Schalkwyk-komitee spreek hom nie alleen teen gedeeltelike integrasie, naamlik klasse vir swaksiendes aan gewone skole, uit nie, maar ook teen die praktyk om swaksig=tige leerlinge in 'n afdeling aan 'n ander spesiale skool te organiseer.[84] In die geval van swaksiendes sou so 'n af=deling na alle waarskynlikheid aan 'n skool vir blindes moes bestaan en die Komitee roep getuienis in van ervare onder=wysers en onderwysmanne hier te lande en oorsee om hulle oor die aangeleentheid te adviseer. Lumsden in Engeland skryf in die verband aan die Komitee as volg:[85]

"We are perfectly sure in this country that the asso=ciation between the blind and the partially sighted is pro=ductive of harm to both groups. That is the result of many years of experience of blind schools which contain partially sighted children. We have now separated them and have no intention of allowing them to be educated in the same schools."

Die Komitee spreek hom dus as volg oor hierdie aange=leentheid uit: "Dit is die oorwoë mening van die Komitee dat 'n afdeling vir swaksigtiges nie aan 'n skool vir blindes gestig behoort te word nie."[86]

Die Komitee meen verder ook op grond van praktiese oorwegings, dat 'n afsonderlike skool vir swaksigtiges goed=skiks op dieselfde terrein as 'n skool vir blindes opgerig sou kon word, onder dieselfde bestuur, maar met afsonderlike personeel en eventueel 'n afsonderlike hoof en geografies van die skool vir blindes geskei.[87]

Gesien in die lig van hierdie standpunt deur die Komitee in 1958 ingeneem, moet dit as 'n besondere anomalie in die onderwys van swaksiendes in die R.S.A. beskou word

---

84. Ibid., par.20.
85. Ibid., par.21.
86. Ibid., par.22. Vgl. ook par.86.
87. Ibid., par.23.

word dat in 1973 swaksiende leerlinge in die sekondêre skool in die R.S.A. in enkele gevalle nog in dieselfde klas saam met blindes onderwys ontvang.

Wat die buitelandse situasie met betrekking tot afsonderlike skole vir swaksiendes betref, is die Britse praktyk reeds in die woorde van Lumsden aangehaal, terwyl die Nederlandse siening soos volg deur Mosterd geformuleer word:[88]

"Thans is men sterk geporteerd voor een strenge scheiding van blinden en slechtzienden, zodat men er naar streeft de scholen voor slechtziende kinderen ook ruimtelijk geheel te scheiden van die voor blinde kinderen. In het algemeen streeft men er in Nederland naar de slechtziende kinderen niet bij het gewone onderwijs (basis- en vervolgonderwijs) onder te brengen." Gedurende die oorsese ondersoek van die skrywer is bevestiging vir hierdie stelling gevind.

Die gebruik in Wes-Duitsland, Oostenryk en België is ook bevind om in ooreenstemming met die beginsel van afsonderlike onderwys vir swaksiendes te wees. Aan enkele skole was daar wel afdelings vir blindes en swaksiendes op dieselfde terrein en word die beginsel nie konsekwent gehandhaaf nie.

Veral vir die hoër, sekondêre onderwys word leerlinge in Nederland, België en Wes-Duitsland in die gewone skool geïntegreer en ontvang blindes en swaksiendes ook nog saam onderrig. In die primêre skool egter, tot ongeveer 12-jarige leeftyd, is daar volkome skeiding tussen swaksiendes en blindes.

### 3.6.3 Motivering vir segregasie

(i) Vanuit mediese standpunt is dit verantwoordbaar dat die swaksiendes in afsonderlike skole, geheel van ander kategorieë van die onderwys, hulle onderrig sal ontvang, want hier kan 'n geïntegreerde medies-oftalmologiese diens vir die swaksiende kind geskep word. Die oftalmoloog kan die gevolge van die oogkondisies van die leerlinge op die didaktiese situasie vrylik met die onderwyser bespreek en ook die nodige

---

88. Ibid., p.5.

voorligting in die verband aan hulle gee. Die oftalmoloog, wat die swaksiende kind gereeld onder observasie het, word ook opvoedkundig georiënteer en sien die probleem van swak=siendheid nie net as 'n suiwer medies-kliniese aangeleentheid nie. Dit is veral belangrik by die oorweging van aansoeke van swaksiende kinders om toelating tot die skool vir swak=siendes.

(ii) 'n Psigologiese en Voorligtingsdiens wat by die skoolprogram vir swaksiendes geïntegreer is, spesifiek met die swaksiende se persoonlike, psigiese, skolastiese en voorlig=tingsprobleme in gedagte, kan alleen in 'n afsonderlike skool vir swaksiendes doeltreffend funksioneer. Hierdie twee dienste, die mediese en psigologiese voorligtingsdienste, is van die belangrikste argumente ten gunste van volle segregasie van swaksiendes in die onderwys.

(iii) Vanuit pedagogies-didaktiese standpunt gesien, kan die onderwysprogram van die swaksiende so ingerig word aan 'n afsonderlike skool, dat dit sy spesifieke behoeftes, belange en vermoëns in gedagte hou, sonder dat dit inbreuk sou maak op die werkstempo van die gewoonsiende leerling soos aan die gewone skool.

Pedagogies-didakties is die praktyk van volkome segrega=sie van swaksiendes en blindes ook verantwoordbaar, omdat die twee kategorieë gestremdes van verskillende studiemedia gebruik maak, naamlik visueel vir die swaksiendes en taktueel (braille) vir die blindes. As hierdie twee kategorieë gestremdes saam in dieselfde klas onderrig word, moet een groep noodwendig skade ly en in die praktyk is gevind dat dit gewoonlik die swaksiendes is.

(iv) Vanuit maatskaplike standpunt is dit verantwoord=baar dat die swaksiende kind saam met sy maats met soortgelyke gestremdhede onderwys sal ontvang. In teenstelling met die gewone skool waar die swaksiende in die reël van sosiale aan=geleenthede soos byvoorbeeld sport en spele, uitgesluit is, kan hy in die skool vir swaksiendes vrylik en op gelyke voet met sy eie groep meedoen wat ook aan hom emosionele stabiliteit verskaf. Hy steek maatskaplik nie af by die ander leerlinge nie en sy gebrek word nie beklemtoon nie.

### 3.6.4 Getuienis deur 'n swaksiende in verband met die integrasie van 'n swaksiende aan die gewone skool

In die lig van die argumente wat hierbo ten gunste van segregasie van swaksiendes in die onderwys versus integrasie in die gewone skool aangevoer is, word die volgende getuienis van 'n hoëgraadse volwasse swaksiende wat in hierdie ondersoek betrek is betekenisvol. Hierdie dame het die gewone skool en die universiteit suksesvol deurloop.

"Ook in sy studie is sy gebrek vir die swaksiende kind soms 'n muur waarteen hy hom vasloop. Veral op die gewone skool, en dan nog 'n skool waar 'n soort 'status' gehandhaaf word, is kompetisie en prestasie buite verhouding belangrik...

"Deur omstandighede is hy gedwing tot hierdie ongelyke kompetisie.... hoe magteloos is jy teen die ongelyke beoordeling bloot op prestasie....

"Sy deelname aan sport en ander ontspanningsaktiwiteite word deur sy gebrek aan bande gelê....

"As hy dit nie kan doen nie word hy sonder meer uitgesluit uit die groep waarin hy hom bevind.... op die gewone skool en universiteit is die swaksiende se omstandighede dikwels so anders as die van die ander leerlinge en studente dat hy dit moeilik vind om een te voel met die res van die groep.

"Hy moet soveel meer tyd aan dieselfde taak bestee en kan tog nie, wat die resultate betref, met die ander kompeteer nie. Hoe verder hy vorder, hoe minder tyd het hy vir sosiale omgang met die res van die groep.

"Omdat hy dikwels van hulp afhanklik is, en soms ongewone dinge moet doen soos opstaan in die klas om op die swartbord te gaan kyk, word sy gebrek opvallend en is hy in 'n ongemaklike posisie teenoor medestudente, onderwysers en dosente. Die gevolg is dat hy in sy studiejare byna vanself uitgesluit word uit klasgroepe omdat hy ontuis, verleë en onvergelykbaar voel."[89]

---

89. Malan, C.H. Die voorafgaande getuienis is deur 'n gegradueerde hoëgraadse swaksiende dame met ongeveer 4 persent visie in 'n ongepubliseerde referaat, "Die wêreld van die swaksiende", pp.10-12 gelewer.

Daar kan nie op grond van die stellings van 'n indiwidu tot wetenskaplik verantwoorde gevolgtrekkings geraak word nie, maar die voorafgaande getuienis word tog betekenisvol as daar gelet word op hoe die 'anders syn' van die swaksiende in die gewone skool geaksentueer word, al sou hy, soos die genoemde dame, die akademiese program suksvol kon voltooi. Psigiese en maatskaplike konflikte ontstaan nog omdat die leerling nie in staat is om by die wêreld van die siende maats in te skakel nie. Hierdie konflikte begin ernstig op die voorgrond tree in die hoërskoolstadium wanneer die leerling in sy adolessensie verkeer en besonder sensitief oor sy gesigsgebrek en die implikasies daarvan raak.

### 3.6.5 Integrasie van die swaksiende in die maatskappy

Omdat die swaksiende in die laaste instansie tot die wêreld van die siendes behoort, is dit voor-die-hand-liggend dat daar wel 'n stadium is waarop hierdie integrasie sal moet plaasvind. Daar kan beswaarlik dogmatiese maatstawwe in dié verband neergelê word, omdat die swaksiende kind as mens-in-totaliteit van persoon tot persoon verskil. Sommige leerlinge sal gereed wees om in die gewone skool geïntegreer te word voordat hulle skoolloopbaan voltooi is, terwyl andere die hele skooltermyn aan die skool vir swaksiendes sal moet bly en as volwassenes vir die eerste maal in die beroepsektor tot die milieu van die siendes toetree.

In die geval van die Amerikaners vind die integrasie van meet af aan plaas, terwyl dit opvallend is dat in Engeland, Nederland, België en Wes-Duitsland daar nie vir afsonderlike skole vir swaksiendes voorsiening gemaak word na die junior-sekondêre of laer sekondêre skoolfase nie. Vir voortgesette hoër sekondêre onderwys, handelsonderwys, beroepsonderwys, vakonderwys en so meer word die swaksiende leerlinge in die gewone onderwysinstellings soos die Grammar Schools, Gimnasia, Athenea, Berufschule, Fachschule en so meer geïntegreer.

Daar word geredeneer dat die swaksiende jeugdige op die hoër sekondêre onderwysstadium reeds vir homself en onder die leiding van die skool vir swaksiendes, eie werk- en studie=

gewoontes, ooreenkomstig sy gebrek, ontwerp het en dat hy reeds beter in staat is om sy gebrek te kan verwerk. 'n Skolatiese agterstand wat hy moontlik mag gehad het, kan hy op hierdie stadium reeds ingehaal het. As gevolg van sy meer=dere gevormdheid, word daar deur voorstanders van hierdie praktyk beweer, is hy nou in staat om homself ten aansien van die sosiale milieu in die senior sekondêre skool te oriënteer.

3.6.6 Gevolgtrekking

By 'n oorsig van die algemene organisatoriese patroon wat in die onderwys van swaksiendes gevolg kan word, is dit duidelik dat nie slegs in die R.S.A. nie, maar ook in die meeste Westerse lande die onderwys op die lees van afsonder=like skole vir swaksiendes geskoei is. Pedagogies-didakties is dit die mees verantwoordbare vorm van skoolorganisasie vir die gesigsgestremde.

Die ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp waarop die swaksiende aanspraak maak, kan die beste aan hom voorsien word in 'n fisies afsonderlike skool waar dit moontlik is om al die nodige onderwysfasiliteite vir hierdie doel te skep.

Aan 'n afsonderlike skool met 'n personeel wat kennis, ervaring en begrip van die problematiek van swaksiendheid het, is die hele program en "klimaat" van die skool op die ortopeda=gogiese en ortodidaktiese ingestel, terwyl dit aan die gewone skool nie die geval is nie, en dit in die skool vir blindes, in die eerste instansie om die belange, eise en behoeftes van die blindes gaan.

Deur die argumente ten gunste van 'n afsonderlike skool vir swaksiendes in die voorafgaande paragrawe uit te lig, word daar nie mee te kenne gegee dat die swaksiende leerling in uitsonderlike gevalle nie aan die gewone skool skolasties tereg kan kom nie.

In die praktyk gebeur dit wel dat swaksiende leerlinge met 'n besondere intelligensievermoë, deursettingsvermoë en intensionaliteit daarin slaag om ten spyte van hulle

gesigsbelemmering, wat selfs baie erg kan wees, die skolastiese program kan volg soos in die geval van die persoon na wie in die voorafgaande paragraaf verwys is.

Leerlinge vanuit 'n akademiese milieu, dit wil sê waar die huislike agtergrond van so 'n aard is dat die leerling in 'n intellektuele atmosfeer opgroei, omring is van boeke, hulp van die ouers ontvang en die allerbeste mediese en optrometriese diens geniet, kan die gewone skool akademies suksesvol deurloop. Dit is egter nog nie 'n uitgemaakte saak, soos in die persoonlike getuienis aangehoor, dat die leerling se maatskaplike verkeer met mede skoliere en integrasie in die buitemuurse program van die skool ewe suksesvol sal wees nie.

## 3.7 TOELATING VAN LEERLINGE TOT SKOLE VIR SWAKSIENDES

### 3.7.1 Kriteria vir swaksiendheid in die R.S.A.

Dit het uit die oorsig van die literatuur in hoofstuk 2 geblyk dat daar nêrens 'n uniforme norm gevind kon word waarvolgens swaksiende leerlinge geïdentifiseer kon word nie. In 1964 maak Vaughan[90] die stelling dat die vasgestelde kriterium van toelating van swaksiende leerlinge 'n aktuele en soms hinderlike aspek van die onderwys van swaksiendes is en dat hy bevind het dat in Europese lande daar weinig waarde aan 'n besondere kriterium geheg word. In hierdie verband haal hy Lumsden, destydse hoofinspekteur van spesiale onderwys in Engeland, aan om aan te toon dat visussyfers en numeriese kriteria weinig gewig dra in Engeland.

In 1945 word daar deur die Interdepartementele Komitee oor afwykende kinders[91] beslis dat daar tweërlei definisies vir swaksiendheid gestel kan word, hangende af van die doel waarvoor die definisie nodig is. Die Komitee onderskei dan

---

90. Vaughan, V.H. "Die onderwys van swaksiendes". Konferensie van onderwysers in skole vir blindes en swaksiendes, 1964, p.65.
91. Unie van Suid-Afrika. Verslag van die Inter-Departementele Komitee oor afwykende kinders, pp.88-90.

tussen 'n funksionele of 'n beskrywende definisie en 'n mediese of numeriese definisie. Die funksionele definisie gee in die verslag die deurslag by die beslissing oor die plasing van die persone in die regte skoolverband, terwyl die mediese aangewend word vir die klassifikasie van gesigsgebreke in terme van gesigskerpte en beperking van gesigsveld. Persone met gesigsgebreke word dan deur middel van hierdie genoemde kriteria in drie groepe verdeel, te wete:

Die blindes,
Die byna blindes en
Die swaksigtiges.

Met die oog op toelating van swaksiendes tot gesigsbewarings=klasse of -skole beveel die Komitee aan dat daar aansluiting gevind word by die Engelse kriteria in die verband. Hierdie kriteria is deur die onderwyshoofde van die verskillende pro=vinsies aanvaar en in geringe mate deur die Komitee oor Onderwysgeriewe aan Swaksigtige Leerlinge in 1958 gewysig.

Hierdie kriteria vir identifisering van leerlinge met die oog op toelating tot 'n skool vir swaksiendes word deur laasgenoemde komitee in drie kategorieë aangedui,[92] te wete:

a. 'n algemene beskrywende kriterium,
b. 'n algemene numerieke kriterium en
c. 'n spesiale kriterium vir miopie.

a. Algemene beskrywende kriterium

"In die reël word 'n kind as swaksigtig beskou wanneer sy gesigsgebrek nie van sodanige aard en graad is wat die gebruiklike onderwysmetodes vir blindes noodsaaklik maak nie, maar wat, aan die ander kant, onvoldoende is om hom in staat te stel om die gewone onderwysprosedures in gewone skole te volg; of anders uitgedruk, 'n kind heet swaksigtig as hy ge=vaar loop dat sy gesig belemmer of vererger word indien hy onderworpe word aan ooreising van die oë wat, in sy geval,

92. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Verslag van die Komitee oor Onderwysgeriewe aan swak=sigtige leerlinge, par. 30.

noodwendig meegaan met bywoning van die gewone onderwys."[93]

b. Algemene numerieke kriterium

"In die reël behoort 'n kind met gesigskerpte na korreksie, van 6/60 Snellen opgaande tot 6/24 Snellen tot 'n skool vir swaksigtiges toegelaat te word. Die maatstaf kan desnoods hoër as 6/24 Snellen wees waar 'n kind aan toestande ly soos mystagmus, strabismus en dergelike andere, wat ernstige leesmoeilikhede kan veroorsaak."[94]

Omdat die Van Schalkwyk-komitee waarskynlik op daardie stadium nog sterk onder die invloed van die Europese "Miope Schools" gestaan het, word 'n kategorie van miopiese kinders onderskei.

c. Spesiale kriterium vir miopie

'n Kind is volgens die Komitee 'n kandidaat vir 'n skool vir swaksiendes onder die volgende omstandighede:[95]

" (i) As die oogagtergrond veranderinge toon wat 'n ernstige graad van miopie aandui;

"(ii) As die toestand soos in (i) beskryf, afwesig is, word 'n miopiese kind gewoonlik as swaksigtig beskou, indien:
1. na herhaalde ondersoek dit blyk dat die miopie ge= stadig toegeneem het teen 'n tempo van meer as een diopter per jaar; of indien
2. na 'n tydperk waarin die tempo stadig toegeneem het of skynbaar tot stilstand gekom het, dit blyk dat daar 'n skielike styging tot meer as een diopter per jaar is.

"(iii) Die werklike graad van miopie behoort nie die enigste faktor te wees by die beslissing nie. Die ouderdom van die kind, byvoorbeeld, moet in aanmerking geneem word. Hoe jonger die kind, hoe ernstiger is die faktore soos die graad van miopie en die tempo waarmee dit toeneem. In twyfelagtige gevalle kan die bestaan van 'n geskiedenis van miopie in die familie 'n deur=

---

93. Loc.cit.
94. Ibid., par.30(b).
95. Die Komitee gebruik die term "swaksigtiges".

slaggewende faktor wees."[96]

Tekortkominge in die kriteria soos deur die Komitee geformuleer lê daarin dat die numeriese kriterium te arbitrêr gestel word en dat daar weinig oorweging geskenk word aan die vraag of 'n leerling skolasties opvoedbaar is, sy intelligensie, sy skolastiese vordering, die indiwiduele psigies-geestelike vermoëns van die leerling, die leerling se karaktereienskappe (persoonstruktuur), dubbelgestremdheid, verlies van gesigsveld, degenerasie van die gesigsvermoë, bykomende stremmende faktore soos binokulêre gesig, progressiewe oogtoestande en fisiese oogtoestande wat moeilik meetbaar is in terme van visussyfers.

Dit is ook opvallend dat die Komitee op grond van mediese getuienis wat destyds ingewin was, die algemene kriteria met betrekking tot miopie afsonderlik behandel. Ten einde te verseker dat leerlinge van wie die prognose is dat hulle binnekort binne die kategorie van swaksiendes of blindes sal val, met die mins moontlike mistasting na 'n skool vir swaksiendes of blindes oorgeplaas word, stel die Komitee vasgestelde prosedures in die verband voor.[97]

In Bylae I van die Wet op Onderwysdienste (Wet no. 41 van 1967) word die swaksiende kind geklassifiseer as 'n "gestremde kind" en word daar verder in artikel 1(ix) van genoemde Wet bepaal dat 'n gestremde kind iemand is wat:

"a. nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale loop van onderwys verskaf word nie;
"b. onderwys van 'n gespesialiseerde aard nodig het om sy aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik en
"c. nie 'n gewone klas in 'n gewone skool behoort by te woon nie, omdat sodanige bywoning vir hom en vir ander leerlinge in daardie klas skadelik kan wees, maar nogtans opvoedbaar is en voldoende baat sal vind by onderwys bedoel in paragraaf (b)(xiv)."

---

96. Ibid., par.30(c).
97. Op.cit., paragrawe 7-14 en 49-51.

Verder word daar deur die Wet bepaal (artikel 10): "die voorwaardes van toelating van iemand as 'n leerling tot 'n skool of 'n ondersteunde skool word deur die Sekretaris van tyd tot tyd bepaal en die Sekretaris kan verskillende voor=waardes ten opsigte van verskillende skole bepaal."

Die numeriese kriterium vir toelating van leerlinge tot 'n skool of afdeling vir swaksiendes in die R.S.A. berus op die algemeen voorgeskrewe norm dat die gesigskerpte tussen 6/60 en 6/24 Snellen sal wees na korreksie.

Aan die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria word die volgende handleiding in die geval gebruik:[98]

| ENGELS | AMERIKAANS | % GESIG | % GESIGSVERLIES |
|---|---|---|---|
| 6/4 | 20/13 | 150 | |
| 6/4,8 | 20/16 | 125 | |
| 6/5 | 20/16,7 | 120 | |
| 6/6 | 20/20 | 100 | |
| 6/12 | 20/40 | 83,6 | 16,4 |
| 6/18 | 20/60 | 69,9 | 30,1 |
| 6/24 | 20/80 | 58,5 | 41,5 |
| 6/36 | 20/120 | 40,9 | 59,1 |
| 6/60 | 20/200 | 20,0 | 80,0 |
| 5/60 | | 14,0 | 86,0 |
| 4/60 | | 8,2 | 91,8 |
| 3/60 | | 3,3 | 96,7 |
| 2/60 | | 0,6 | 99,4 |

Leerlinge wie se gesigskerpte met die beste korreksie tussen bogemelde twee grense val, word beskou kandidate vir hierdie skool te wees. Daar word egter in sommige gevalle leerlinge toegelaat wat buite hierdie norm val wanneer by=komende faktore 'n rol speel.

Met betrekking tot die "bykomende faktore", noem die destydse prinsipaal van die Prinshofskool vir Swaksiendes

---

98. Prinshofskool. Dokumente vir voorlegging tydens 'n paneelinspeksie; 24 Aug.-28 Aug. 1970, Pretoria.

die volgende:[99] oorerflikheid, die aanwesigheid van eien=skappe waardeur die degenerasie van die gesigsvermoë bevorder word, die aard van die geestelike vermoëns, karaktereien=skappe, die geheel van die sosiale en familie-agtergrond en dubbelgestremdheid.

Benewens die numeriese kriterium soos in die vooraf=gaande tabel aangedui, berus die toelating van die kind ver=der op die volgende:[100]

a. die aanbeveling van die oogarts (graad van gesig en die oogkondisie);
b. gereedheid van die leerling, dit wil sê in welke mate hy gereed is vir formele onderwys;
c. die hoeveelheid indiwiduele aandag wat hy sal nodig hê in die skool en die koshuis;
d. sy relatiewe bevoegdheid om in die verskillende afdelings van die leerplan deel te hê;
e. oorweging van spesiale gesondheidsprobleme indien enige.

Wanneer daar twyfel bestaan behoort die leerling vir 'n proef=tydperk tot die skool toegelaat te word.[101]

Omdat dit allerweë gevoel is dat die numeriese kriterium wat op die identifisering van swaksiende leerlinge met die oog op toelating tot 'n skool vir swaksiendes betrekking het steeds 'n knelpunt is, word daar pogings deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes aangewend om volwaar=dige kriteria vir swaksiendes op te stel en goedgekeur te kry. Op die 45ste Vergadering van die Lektuur-, Onderwys- en Navorsingskomitee van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes in 1968 (paragraaf 4) beklemtoon hierdie Komitee die noodsaaklikheid van die herwaardasie van die definisie en om=skrywings van swaksiendheid soos in die Van Schalkwyk-verslag van 1958 vervat en besluit dat[102] die definisie hersien

---

99. Van der Merwe, P.J. "Die onderwys van swaksiendes". Konferensie van onderwysers in skole vir Blindes/Swak=siendes, 1964, p.75.
100. Loc.cit.
101. Loc.cit.
102. Lektuur-, Onderwys en Navorsingskomitee van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes. 45ste Vergadering 1968, par.4.

behoort te word met die oog op toetsing van

a. nabygesig,
b. gesigsveld,
c. vermoë tot binokulêre gesig,
d. die hoeveelheid lig benodig by toetsing.

Die Komitee beveel aan dat daar verder op die aangeleentheid ingegaan word, veral met die oog op werkverskaffing en onderwys van die swaksiende.

Gedurende ondersoeke wat in die praktyk deur die skrywer vir die doel van hierdie studie uitgevoer is, is dit bevind dat die huidige identifisering van swaksiende leerlinge met die oog op die toelating tot die Suid-Afrikaanse skole vir swaksiendes op kriteria berus wat deur die Komitee vir Swaksiendes van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes geformuleer is en as volg lui:[103]

"a. Die uitdrukking 'swaksiende kinders' in Bylae 1 van die Wet op Onderwysdienste, Wet No. 41 van 1967, soos gewysig, beteken kinders waarvan die gesigskerpte van die beste oog na korreksie nie beter as 6/24 volgens die Snellentoets is nie.

"b. Elke indiwiduele leerling se oogtoestand kan egter in ag geneem word met die oorweging van aansoeke om toelating tot 'n skool vir swaksiendes, wat buite bogenoemde beskrywing val, soos gevalle waar progressiewe oogtoestande, aansienlik sentrale en/of periferiese verlies van gesig en bykomende stremmende faktore soos nystagmus, ontoereikende binokulêre gesig en hoëgraadse miopie voorkom.

"c. Behalwe vir die vergesigtoets hierbo genoem, moet daar ook 'n nabygesigtoets uitgevoer word alvorens 'n finale besluit gemaak word.

"d. Behalwe bostaande numerieke en ander kriteria behoort die leerling se skolastiese vorderingsgeskiedenis in aanmerking geneem te word in soverre dit verband hou met sy gesigsprobleme.

---

103. Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes - Komitee vir Swaksiendes. Kriteriums vir die toelating van leerlinge tot skole of afdelings vir swaksiende kinders. Bylae 1.

"e. Die kind se hoofprobleem is swaksiendheid en nie een van die ander gestremdhede wat in Bylae 1 van die Wet genoem word nie.

"f. Die kind moet skolasties opvoedbaar wees."

Op 'n konferensie van prinsipale van skole vir buitengewone onderwys en kinderskole wat in Oktober 1972 te Pretoria gehou is, word die voorafgaande kriterium vir swaksiendheid[104] in geheel en woordeliks deur die vergadering aanvaar.

SAMEVATTING

In die onderwyspraktyk vir swaksiendes in die R.S.A. geskied die identifisering van swaksiende leerlinge met die oog op toelating tot 'n skool vir swaksiendes as volg:[105]

1. Normaalweg word die numeriese kriterium gestel as 'n gesig=skerpte wat tussen die Snellensyfers 6/6C en 6/24, na korreksie, lê.
2. Die kind se oogkondisie word in aanmerking geneem in ge=valle van progressiewe oogkondisies, met ander woorde, wanneer 'n kind beter as 6/24 sien, sê byvoorbeeld 6/18 Snellen, sal 'n saak vir toelating vir hom uitgemaak word as hierdie visussyfer in alle waarskynlikheid in die volgende jaar na 6/24 Snellen sal val as gevolg van 'n swak prognose.
3. 'n Kind sal ook toegelaat word met 'n gesigskerpte van 6/18 Snellen of beter as 'n groot verlies van gesigsveld bepaal kan word, met ander woorde 'n kind met suiwer pyp-sentrale gesig. Die teenoorgestelde sal ook waar wees wanneer 'n kind 'n totale wegval van die sentrale gesig het met slegs perifêre visie. In die reël sal so 'n kind ook nie goeie gesigskerpte perifêr hê nie.
4. Toelating van 'n hoëgraadse mioop sal geskied indien daar tekens van progressiwiteit is en/of korreksie ondoeltref=fend is.

---

104. Op.cit., pp.28-29.
105. Gegewens verkry uit die antwoorde op die vraelys wat aan skoolhoofde voorgelê is. Kyk Bylae A, vrae 2.1, 2.2.

5. Verder word by die toets vir gesigskerpte nie net op 'n Snellensyfer gelet wat op 'n afstand van 6 meter (20 voet) gebaseer is nie, maar dit word altyd met 'n naby-gesigs= toets gekoördineer. Vir hierdie toets word die Near Vocational Vision Test Chart (N-skaal) gebruik wat inder= daad 'n verkleinde Snellenskaal is en op 'n afstand van 15 duim afgeneem word.
   Die standaardtoepassingsprosedure van hierdie toets word egter dikwels gewysig omdat die toets nie konsekwent op 15 duim aangewend word nie. Die kind kan die kaart nader bring totdat hy die beste kan sien en dan word daar op die kleinste skrif wat hy kan lees gelet, wat in die geval van die Prinshofskool vir Swaksiendes in die reël in die kategorie N14, N18 en N24 val. Vir die klein kinders wat nog nie kan lees nie, word daar van die E-kaarte en dier= kaarte gebruik gemaak.
6. Daar word bepaal of die hoofprobleem vir toelating 'n gesigsprobleem is. In die geval van doofheid en swak= siendheid moet daar bepaal word wat die primêre gestremdheid is. As die kind se hardhorendheid sy primêre gebrek is, word hy na 'n skool vir hardhorendes verwys. In die praktyk lewer hierdie dubbele gestremdheid baie probleme op omdat dit moeilik is om 'n grens vas te stel. Soms kwalifiseer 'n serebraal-gestremde kind wel vir toelating tot die skool vir swaksiendes as gevolg van sy swaksiend= heid, maar terapeuties pas hy nie in die skool vir swak= siendes in nie omdat hy in 'n rystoel is, terwyl die skool vir serebraal-gestremdes hom ook nie kan neem nie omdat die skool nie sy skolastiese probleem, waar hy van beson= dere hulpmiddels gebruik moet maak, die hoof kan bied nie.
7. Die kind wat tot die skool vir swaksiendes toegelaat word, moet skolasties opvoedbaar wees, want as verstandelike vertraging as 'n ernstige bykomstige gestremdheid teen= woordig is, sal die leerling nie in die skolastiese onderwysprogram van die skool kan inpas en die tempo kan volhou nie.
8. Daar word gepoog om nie slegs op grond van 'n numeriese

kriterium alleen te besluit of 'n kind 'n kandidaat vir 'n skool vir swaksiendes is nie. Faktore soos binokulariteit en kleurwaarneming word ook in aanmerking geneem. Die huidige kriteria soos in die voorafgaande paragrawe gestel en wat in die praktyk toegepas word, is baie wyd. Leerlinge sal selfs buite die amptelike numeriese kriterium toegelaat word as dit gemotiveer kan word dat hy binne afsienbare tyd wel binne die kriterium sal val.

Prognose word deesdae verbeter deur die aanwending van apparaat soos die elektro-retinograaf waarmee nystagmografie gedoen kan word. Makulêre patologie se prognose sal waarskynlik deur hierdie apparaat beter bepaal kan word as wat die geval met 'n gewone oftalmoskoop die geval is.

Die algemene standpunt met betrekking tot die toelating van swaksiendes wat aan die Afdeling vir Swaksiendes aan die Skool vir Blindes, Worcester gehandhaaf word is dat 'n gesigsbelemmerde kind tot die afdeling vir swaksiendes toegelaat word, indien hy nie kwalifiseer vir toelating tot die skool vir blindes nie, dit wil sê as hy nie 'n braille-kandidaat is nie en aan die ander kant ook nie aan die gewone skool tereg kan kom as gevolg van sy gesigsgebrek nie.

Die kind is die belangrikste oorweging en nie die definisie van die begrip swaksiendheid nie of die numeriese kriterium nie. Laasgenoemde faktor het wel betekenis, maar dan om visueelgestremdes as 'n kategorie aan te dui.

2.7.2 <u>Metodes, tegnieke en prosedures om swaksiende leerlinge te identifiseer vir toelating tot 'n skool vir swaksiendes in die R.S.A.</u> 106

Gewoonlik beskik die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria oor 'n waglys van leerlinge wat aansoek gedoen het om tot die skool toegelaat te word. Leerlinge word dan op die eerste dag van die skooljaar toegelaat.

In die praktyk gebeur dit egter dikwels dat 'n leerling in die gewone skool van die een klas na die ander bevorder

---

106. Kyk Bylae A, vrae 2.12, 2.13, 2.14.

word, of van een skool na 'n ander oorgeplaas word, en dat sy oogprobleem dan op daardie stadium prominent op die voorgrond tree en hy as gevolg daarvan na Prinshof of Worcester verwys word. Dit gebeur in die reël vroeg in die eerste kwartaal van 'n skooljaar. Die skole vir swaksiendes laat egter nog kinders tot ongeveer die helfte van die skooljaar toe, maar daarna geskied dit slegs op besondere meriete. Dit gebeur dan in gevalle soos wanneer 'n kind skielik sy gesig grootliks verloor het deur 'n besering of as gevolg van by= voorbeeld 'n retinale loslating. Na 'n tydperk van hospitali= sasie sal so 'n kind wel toegelaat word. Leerlinge sal ook tot die skole vir swaksiendes toegelaat word, buite die voor= geskrewe tye in gevalle waar ouers na Pretoria of Worcester verplaas word.

Aanhoudende laat inskrywings plaas 'n besondere las op die personeel van die skool wat buitengewone pogings en meto= des moet aanwend ten einde te verseker dat sodanige leerlinge nie die eerste jaar van hulle toelating tot die skool vir swaksiendes druip nie, terwyl die praktyk telkens leer dat hierdie leerlinge na die skool vir swaksiendes kom op 'n stadium dat hulle reeds 'n groot skolastiese agterstand het.

Wanneer daar beslis moet word of 'n kind tot een van die skole vir swaksiendes in die R.S.A. toegelaat moet word, word verskillende dissiplines by die aangeleentheid betrek, te wete die oftalmologie, die optometrie, die psigologie en pedagogiek.

Wanneer 'n leerling vir die eerste maal by die skool aan= gemeld word, word hy, afgesien van die feit dat hy reeds deur sy eie oogarts na die skool verwys is, weer deur die oog= arts van die skool ondersoek en word daar vanuit mediese standpunt 'n evaluering gemaak met betrekking tot aangeleent= hede soos onder meer die gesigskerpte, monokulêr en binokulêr, verlies van gesigsveld, patologiese toestande en progressiwi= teit van die oogkondisie.

Wanneer dit 'n duidelike geval is wat binne die krite= rium vir toelating tot die skool val, sal die prinsipaal van die skool en die oogarts gesamentlik beslis dat die kind tot

die skool toegelaat word.

Wanneer daar twyfel oor die opvoedbaarheid van die kind bestaan soos in die geval van 'n bykomstige verstandelike gestremdheid, wanneer 'n 13-jarige nog byvoorbeeld in standerd 2 sou wees, word die sielkundige dienste van die skool bygeroep.

Hier word in die reël 'n evaluering van die kind se intelligensie gedoen deur middel van die Hornskaal of die Suid-Afrikaanse Indiwiduele Skaal. Aan die Afdeling vir Swaksiendes van die Skool vir Blindes, Worcester, word daar ook gebruik gemaak van die indiwiduele Skaal van Fick wat aangevul is met 'n Amerikaanse toets van Hayes en die Passalong-toets met kleurblokke wat 'n goeie korrelasie met intelligensie toon.

In die geval van die Prinshofskool te Pretoria, kan die hulp van die span studente-optometriste en hulle dosent van die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, wat weekliks dié skool besoek, ook bygeroep word met die oog op die diagnosering van ooggebreke. Vir hierdie doel word verskeie apparaat in die oogkliniek van die skool aangewend soos die spleetlamp, oftalmoskoop, retinoskoop, grafieke van die gesigsveld, elektro-retinograaf, Keeler-instrumente, Snellenkaarte, E-kaarte, dierekaarte, Near Vision Test Chart en so meer.

### 3.7.3 Metodes van vroeë opsporing van swaksiende leerlinge in die R.S.A. en leemtes en probleme in die verband

Gedurende die ondersoek wat die skrywer aan die twee genoemde onderwysinstellings vir swaksiende blanke leerlinge uitgevoer het, het dit geblyk dat vroeë opsporing van swaksiende kinders 'n wesenlike probleem is.

Die kontakte wat deur die skole opgebou word om swaksiende leerlinge op te spoor, is hoofsaaklik beperk tot 'n paar bronne, te wete, die spreekkamers van oogartse en die gegewens van die prinsipale van die gewone skole. Volgens die etiese kode mag oftalmoloë (dokters) nie gegewens van pasiënte aan buitestaanders verskaf nie, maar die ouers kan verlof daartoe gee.

In die geval van die prinsipale van gewone skole word die swaksiende leerling na die skool vir swaksiendes verwys as hy as gevolg van sy gesigsgebrek nie langer skolasties kan vorder nie.

Die mediese beamptes en hoof-mediese beamptes van die provinsiale skole verwys ook kinders vir ondersoek en moont=like toelating tot die skole vir swaksiendes.

In 'n mindere mate word kinders ook deur predikante van die omgewing en deur hospitale waar die oogoperasie uitgevoer word, na die skool vir swaksiendes verwys.

Dit gebeur ook in die praktyk dat kinders vanaf die spreekkamers van geregistreerde optometriste na die skool vir swaksiendes verwys word.

Dit word duidelik dat daar nie koördinering van die op=sporingsdienste bestaan nie en dat daar in die praktyk leemtes in die verband bestaan.

Op versoek van die Komitee vir Ondersoek na die uitbrei=ding van onderwysgeriewe vir Blanke Kinders, het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in 1970 onder meer 'n omvatten=de ondersoek na die voorkoms van swaksiende kinders aan die gewone skole uitgevoer. Uit die ondersoek het geblyk dat daar wel nog swaksiende leerlinge aan gewone skole is.[107]

Die getal van 1 219 swaksiende leerlinge wat deur die ondersoek aangedui word, met 'n verspreiding van Kaapland 266, Transvaal 703, Oranje-Vrystaat 103, Transvaal 703 en Suidwes-Afrika 4 leerlinge is egter misleidend.

Uit opvolgondersoeke het dit geblyk dat hierdie leer=linge nie almal binne die algemene kriteria vir swaksiendheid val nie. Die bevindinge uit die ondersoek beklemtoon egter die feit dat daar wel leemtes in die opsporingsprosedures van swaksiende kinders bestaan.

---

107. R.S.A., Departement van Nasionale Opvoeding. Verslag van die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, 1970, tabel IV.

Gedurende die ondersoek wat deur die skrywer aan plaaslike skole vir swaksiendes uitgevoer is, het dit duidelik geword dat swaksiende kinders laat tot die skool vir swaksiendes toegelaat word omdat ouers hoop op verbetering voordat hulle die kind na die skool bring. Daar bestaan nog dikwels die hoop dat 'n verdere operasie verbetering kan bring. <u>Die aanvaarding van die erns van die gesigsgebrek deur die ouers, speel dus 'n belangrike rol in die vroeë opsporing van swaksiende kinders.</u>

Volgens die skoolhoofde van skole vir swaksiendes, bestaan daar op hierdie stadium nog 'n mate van vooroordeel by ouers in Suid-Afrika met betrekking tot die "spesiale skool", maar in 'n baie geringer mate as 'n aantal jare gelede toe dit oortuigingswerk geverg het om ouers te oorreed om hulle kinders na die Skool vir Swaksiendes te stuur omdat daar waarskynlik as gevolg van onkunde by die publiek 'n stigma aan hierdie onderwys gekleef het.

Selfverwyt is 'n faktor wat by ouers voorkom en wat dikwels aan die grond van die onwil lê om die kind se gebrek te erken en te aanvaar. Ouers glo hulle is deels verantwoordelik vir die kind se gebrek. Dit is bekend dat verwyte tussen ouers in die verband voorkom en dan word oorerwingsfaktore bygehaal. Die teendeel is ook gedurende hierdie ondersoek waargeneem, naamlik dat ouers by die geringste aanduiding van 'n gesigsgebrek hulle kinders na die skool vir swaksiendes gebring het vir inskrywing.

'n Besondere leemte in die bestaande prosedure om swaksiende leerlinge aan die gewone skool op te spoor, lê daarin dat daar nie 'n volwaardige oogheelkundige ondersoek van kinders op gesette tye uitgevoer word nie.

Indien sodanige ondersoek op ongeveer 3-jarige en weer op 5-jarige leeftyd uitgevoer word en weer 'n jaar na die kind se toelating tot die gewone skool, kan die leerlinge wat moontlike kandidate vir die skool vir swaksiendes is, vroegtydig en met gemak opgespoor word.

In hierdie verband kan die dienste van optometriste beter ingespan word, want hulle kan refraksieprobleme vasstel en regstel, bepaal wat die gesigskerpte van die leerling is, en of hy 'n moontlike kandidaat vir die skole vir swaksiendes is.

Die dienste van oogartse is nie orals op die platteland vrylik beskikbaar nie, en in hierdie geval kan die optometris, ofskoon 'n beperkte, tog 'n waardevolle bydrae lewer tot vroeë identifisering van swaksiende kinders.

Dit is nie voldoende dat slegs 'n afstandslesing op ses meter geneem word nie; dit moet deur 'n nabygesigstoets en 'n toets vir verlies van gesigsveld opgevolg word. In hier=die verband kan plaaslike bestuursliggame soos munisipaliteite 'n besondere leidende rol speel deur die oprigting van klinieke met die oog op die uitkenning van gestremde kinders. Waar daar aanduidings van 'n gesigsgebrek is, kan ouers die kind vir 'n volwaardige oogondersoek neem.

### 3.7.4 <u>Kriteria vir swaksiendheid en metodes van identifisering van swaksiende leerlinge in enkele oorsese lande</u>

#### 3.7.4.1 <u>Engeland</u>

Ofskoon gesigsvermoë definieerbaar is in terme van visus=syfers, word daar tans in Engeland nie soveel klem op nume=riese kriteria geplaas wanneer die toelating van swaksiende kinders tot skole ter sprake is nie, omdat, so word daar beweer, 'n kind nie slegs op grond van sy gesigsgestremdheid tot 'n skool vir swaksiendes oorgeplaas moet word nie.[108] 'n Kind se vermoë om in die gewone skool die mas op te kom berus naam=lik ook op faktore soos intelligensie, persoonlikheid en gesondheid.

Ten einde 'n leidraad aan persone wat met die toelating van kinders tot skole vir swaksiendes gemoeid is, te gee, word die numeriese kriterium deur die Britse Ministerie van Onder=wys as volg neergelê:[109]

---

108. Jackson, S. Special Education in England and Wales, p.64.
109. Loc.cit.

"Severe visual disabilities - to be educated in special schools by methods involving vision - 3/60 - 6/24 (Snellen) with glasses."

In die laaste instansie egter word die kriterium vir swaksiendheid in pedagogiese perspektief gesien, naamlik: "Pupils who by reason of defective vision cannot follow the ordinary curriculum without detriment to their sight or to their educational development but can be educated by special methods involving the use of sight."[110]

Uit die ondersoek wat deur skrywer in Engeland uitgevoer is en die onderhoude wat met hoofde van skole vir swaksiendes gevoer is,[111] was dit duidelik dat in die praktyk daar geen uniforme beleid met betrekking tot die toelating van swaksiende kinders tot skole bestaan nie, of met betrekking tot die kriteria wat vir die doel aangewend word nie. Elke skoolhoof, in samewerking met die oftalmoloog, beslis oor die toelating van 'n kind.

In Londen is die gebruik dat as 'n leerling skolasties nie kan vorder as gevolg van sy gesigsgebrek nie, die hoof van die skool waar hy is, hom na County Hall, wat die hoofkwartier van die Inner London Education Authority is, verwys. Hier word die leerling medies en psigologies ondersoek en indien nodig na 'n skool vir swaksiendes verwys.[112]

In die praktyk kom dit daarop neer dat 'n leerling tot 'n skool vir swaksiendes toegelaat sal word as hy as gevolg van sy swaksiendheid nie die program van die gewone skool kan volg nie. As hy wel aan die gewone skool tereg kan kom, hoe moeilik ookal, dan word daar van die standpunt uitgegaan dat hy daar behoort te bly.

Die indiwiduele situasie word altyd by oorweging vir toelating in aanmerking geneem en geen algemeen rigide norm,

---

110. Lumsden, J. Verslag van die Komitee oor onderwysgeriewe aan swaksigtige leerlinge, par. 98.
Vgl. Jackson, S. Op.cit., p.64.
111. Kyk Bylae C, vraag 6.
112. Wright, S.F. Hoof van die John Aird School, Londen, in antwoord op vraag 7, Bylae C.

kriterium of voorskrif word neergelê nie. 'n Mediese be= vinding sonder 'n pedagogiese en psigologiese evaluering word nie aanvaar nie omdat daar te veel bykomstige faktore is wat bepalend is of 'n kind op die buitengewone onderwys aangewys is al dan nie. In hierdie verband kan daar na die hipotetiese voorbeeld van verskillende leerlinge wat aan katarak ly en wat deur die skoolhoof van die Exhall Grange School in Coventry opgehaal is, verwys word.[113]

Aangeleenthede soos die leerling se intelligensie, in= tensionaliteit en die vermoë om sy gesigsres maksimaal te be= nut, is belangrike faktore wat 'n leerling se toelating tot en verblyf aan 'n skool vir swaksiendes beïnvloed.

3.7.4.2 Nederland

Gedurende die besoeke wat aan skole vir swaksiendes in Nederland afgelê is,[114] is dit bevind dat in ooreenstemming met die bepalings van die "Besluit Buitengewoon Onderwys",[115] geen kind tot 'n skool vir swaksiendes toegelaat word alvorens 'n ondersoek deur 'n paneel[116] bestaande uit die skoolhoof (direkteur), 'n oogarts en 'n akademies geskoolde psigoloog en 'n akademies geskoolde ortopedagoog uitgevoer is nie.

Indien die skool nie oor die dienste van so 'n sielkun= dige beskik nie, word 'n sielkundige van die Staat beskikbaar gestel. Aan die Instituut Henricus word ook die dienste van 'n maatskaplike werker(ster) bygebring wanneer daar oor die toelating van leerlinge beslis moet word.

Statutêr word geen kriterium vir swaksiendheid in Neder= land neergelê nie en besit die genoemde paneel of kommissie (team) groot outonomie met betrekking tot die norme wat hulle toepas by toelating van leerlinge tot die verskillende

113. Kyk hoofstuk 2, par. 2.1.
114. i. Bartimeüs Stichting, Zeist;
ii. Prins Alexander Stichting, Zeist;
iii. Instituut Henricus, Nijmegen;
iv. M. Holl, Inspekteur van Buitengewone Onderwys, Utrecht.
115. Artikel 7(2).
116. Artikel 64.

institute vir gesigsgestremdes. Uit die aard van die saak word daar dus uiteenlopendheid van optrede in die verband aangetref.

Op 'n persoonlike vraag aan die Hoofinspekteur van Buitengewoon Lager Onderwijs[117] omtrent die aangeleentheid van toelating van leerlinge tot 'n skool vir swaksiendes, antwoord hy dat 'n leerling tot 'n skool vir swaksiendes toe=gelaat word as dit "heel erg nodig is".

Om die uiteenlopendheid van visussyfers van swaksiendes aan 'n skool aan te dui, gee Van Weelden by wyse van illus=trasie die volgende ontleding van die gesigskerptes van leerlinge aan die Instituut Henricus, Nijmegen op 'n gegewe tydstip:[118]

| GESIGSKERPTE (SNELLEN) | PERSENTASIE LEERLINGE |
|---|---|
| $< 3/60$ | 15,5 persent |
| 3/60 - 6/60 | 17,2 persent |
| 6/60 - 6/24 | 36,2 persent |
| $> 6/24$ | 31,1 persent |

Van Veelen[119] se standpunt is dat "Kinderen met een gezichts=vermogen van 10 à 25% kunnen zeer gebaat zijn met plaatsing, op een slechtziendenschool...."

In die praktyk is dit bevind dat die toelatingskommis=sies in Nederland gewoonlik op die volgende aspekte by toe=lating let:[120]

1. Die gesigskerpte van albei oë afsonderlik en gesamentlik, voor en na korreksie vir beide vergesig op 6 meter en nabygesig op 38 centimeter. Die numeriese kriterium wat hier toegepas word korreleer met die een wat in die

---

117. Holl, M. Antwoord op vraag 6, Bylae D, Utrecht, 17 April 1972.
118. Van Weelden, J. Blinde Kinderen, p.9.
119. Van Veelen, A.W.C. Tussen Licht en Donker, p.79.
120. Peach, P.P. Verslag van Buitelandse Studiereis, p.14.

R.S.A. as geldig beskou word, naamlik 6/60 Snellen op=gaande tot 6/24 Snellen.

2. Daar word op die inkrimping van gesigsveld gelet.
3. Die leerling se vermoë tot binokulêre visie word vasgestel.
4. Die oogkondisie van die leerling word gediagnoseer en daar word op die prognose gelet.
5. Die intelligensie van die kind word as 'n belangrike faktor by toelating geag, in besonder by die hoër afdelings van die skool.

As gevolg van hierdie laaste oorweging kan dit in die praktyk gebeur dat 'n leerling met die besonder lae visie van 3/60 Snellen na die beste korreksie en 'n I.K. van 130, wel deur middel van visuele metodes onderwys kan ontvang. So is dit ook opgemerk dat 'n leerling met 'n gesigskerpte van 6/60 Snellen in albei oë, maar wat minder intelligent is, deur middel van braille onderrig word.

Hierdie verskynsel het hom ook aan die Prins Alexander Stichting te Zeist voorgedoen, waar leerlinge met besondere lae visussyfers gevind is wat deur middel van visuele metodes onderrig ontvang het as gevolg van hulle hoë intellektuele vermoëns.

Hierdie verskynsel bevestig die stelling dat swaksiend=heid 'n rekbare begrip is, en dat benewens die visussyfers daar ook bykomstige faktore is wat in aanmerking geneem moet word alvorens leerlinge op onderwys, anders as die gewone, aangewys word. Veel hang daarvan af wat die besondere leerling met sy gesigsres kan en wil vermag.

Daar dien egter ook op die waarskuwing van P. Oost, direkteur van die Prins Alexander Stichting te Zeist gelet te word[121] naamlik dat daar versigtig te werk gegaan moet word om leerlinge met 'n besondere lae visie tot visuele onderwys toe te laat, want ofskoon hierdie leerlinge, as hulle oor 'n hoë intelligensie beskik en buitengewone deur=settingsvermoë besit, visuele onderrig kan ontvang, loop

---

121. Ibid., p.15.

loop hulle die gevaar dat hulle by skoolverlating in die maatskappy as blindes geplaas kan word, waar hulle nie die beskermende milieu van die skool geniet nie en dan ook nie oor braille as 'n lees- en kommunikasiemedium beskik nie.

Samevattend is daar uit die Nederlandse literatuur, soos bevestig deur persoonlike besoeke aan skole vir swak=siendes, tot die volgende konklusies met betrekking tot die kriterium vir swaksiendheid en die toelating van leerlinge tot skole vir swaksiendes gekom:

1. By die meeste van die Nederlandse skole word meer waarde aan die vermoë tot nabygesig as aan die vermoë tot ver=gesig geheg.
2. Daar bestaan nie voorgeskrewe norme vir toelating van leerlinge tot skole vir swaksiendes nie, behalwe dat die toelating deur 'n "team" of paneel, soos by wetgewing vas=gestel, gedoen sal word. Hierdie toelatingspaneel is outonoom en die kriteria verskil van skool tot skool.
3. 'n Leerling word slegs in uiterste gevalle tot 'n skool vir swaksiendes toegelaat, want die beskouing is dat die kind nie ligtelik uit die gewone skool en gemeenskap ver=wyder moet word nie. 'n Kind sal na die gewone skool terug geplaas word as dit moontlik is.
4. Die skole vir swaksiendes vang hoofsaaklik die leerlinge op wat in die gewone skool misluk het as gevolg van die invloed van visuele gestremdheid. Vele het egter 'n by=komstige gebrek waarvan swaksiendheid dominant is.
5. Ortopedagoë in Nederland heg minder waarde aan 'n medies-numeriese kriterium by toelating tot 'n skool vir swak=siendes as byvoorbeeld skolastiese prestasie, skolastiese uitval, intelligensie en psigologiese diagnostisering.
6. Die invloed van swaksiendheid op die hele persoonstruktuur word in aanmerking geneem. Daar word ook besondere oor=weging geskenk aan wat De Griend, hoof van die swaksiende afdeling aan die Bartimeüs Instituut, Zeist, "intelligensie=vermindering" as gevolg van "karakterdeformatie" noem.
7. In die Nederlandse swaksiende onderwyskringe word die standpunt ingeneem in besonder deur P.S.N. Oost van die

Prins Alexander Stichting dat die kind in wetlike of sosiale sin geen swaksiende is nie solank hy met sy beperkte gesigsvermoë aan die gewone skool tereg kan kom. As hy homself egter nie aan die gewone skool kan handhaaf nie, dan word hy wetlik en maatskaplik as swaksiende beskou.

8. Met die oog op die Hoër Algemene Voortgesette Onderwys (HAVO) word swaksiende leerlinge weer in die gewone onderwys geïntegreer, soos ook in die geval van die suiwer akademiese onderwys met die oog op universiteitstoelating. Dit geld ook vir die tegniese onderwys, wat swaksiendes aan 'n tegniese kollege van die gewone onderwys moet volg.

### 3.7.4.3 België

Aan die verskillende institute (skole) vir swaksiendes in België waar besoeke gedurende hierdie navorsing afgelê is,[122] was dit duidelik dat geen arbitrêre numeriese kriteria vir swaksiendheid gestel word nie en dat 'n mediese uitspraak (ook genoem 'n mediese attés) altyd 'n conditio sina qua non vir toelating is.

Die volgende prosedure soos aan die skool te Woluwé in Brussel teengekom, dien as 'n goeie voorbeeld met betrekking tot toelating vir al die ander skole vir gesigsgestremdes in België wat onder die Nationaal Verbond van het Katholiek Buitengewoon Onderwijs ressorteer.

Ouers neem in die reël die kind na 'n oogarts wat die oogkondisie sal diagnoseer en beskryf en gewoonlik aanbeveel dat die kind na 'n spesiale skool vir gesigsgestremdes gaan. Daar bestaan in die groter stede dertien sogenaamde Pedagogies-Mediese-Sosiale sentra waarheen ouers hulle kinders neem vir ondersoek, advies en aanbeveling.

Die paneel aan 'n P.M.S.-sentrum bestaan uit:

---

122. Kyk Bylae F vir name van persone met wie daar onderhoude gevoer is.

'n medikus,
'n psigoloog,
'n pedagoog,
'n sosiale assistent,
'n logopedis,
'n arbeidsterapeut en
'n fisioterapeut.

By ontvangs van die leerling gaan die skool vir gesigs=gestremdes die mediese rapport van die leerling na en aan=vaar leerlinge vir swaksiende onderwys wat visussyfers van 6/60 Snellen tot 'n maksimum van 6/18 Snellen het. In die reël word 'n kontrole-ondersoek deur die skool uitgevoer.

Wat die grens tussen blindheid en swaksiendheid betref, word geen arbitrêre kriteria neergelê nie, want leerlinge met 'n gesigskerpte van 6/60 Snellen en selfs 6/24 Snellen kan onder sekere omstandighede as blind beskou word. Kin=ders met beter visie as 6/60 Snellen gaan egter in die reël na die afdeling vir swaksiendes.

As algemene beginsel by die identifisering van swaksien=de kinders, word dit aanvaar dat as 'n kind as gevolg van sy gesigsbelemmering nie aan die gewone skool kan tereg kom nie, dan is hy 'n swaksiende. As hy verder binne hierdie katego=rie van gesigsgestremdes nie van visuele metodes in die onderwys kan gebruik maak nie, maar wel van braille, dan word hy as blind beskou.

Die mediese (numeriese) kriterium word slegs as 'n aan=duidende syfer beskou, en daar sal nie finaal op grond van 'n mediese uitspraak besluit word of 'n kind na 'n klas of skool vir swaksiendes moet gaan nie. 'n Pedagogies-psigolo=giese uitspraak word in die laaste instansie deur die hoof en personeel van die skool gelewer. Die direkteur se beslissing in die verband is finaal.

In die prosedure van toelating tot die onderwys vir swaksiendes word daar baie noukeurig op die opvoedbaarheid van die leerling gelet en of die primêre gestremdheid wel visueel en nie verstandelik of van 'n ander aard is nie.

Uit die besoeke aan die verskillende skole vir swaksien= des in België is daar onder die indruk gekom dat die leerlinge in skole en afdelings vir swaksiendes oor die algemeen oor beter visie beskik as leerlinge in die kategorie swaksiendes in die R.S.A. Skoolhoofde aan skole vir swaksiendes het ook die standpunt gehuldig dat swaksiende leerlinge na korreksie indien moontlik met redelike gemak koerantskrif moet kan lees, andersins moet hulle braille as studiemedium gebruik.

3.7.4.4 Wes-Duitsland

In Wes-Duitsland word Erhard Teumer, direkteur van die Sonderschule für Sehbehinderte in Hannover as een van die leidende figure op die gebied van swaksiendheid beskou.

Tradisioneel is sy siening dat 'n kind swaksiende is as hy 'n gesigskerpte het wat tussen 3/60 Snellen en 6/24 Snellen lê.[123] In leketaal sou so 'n kind nie in staat wees om die drukskrif van 'n gewone koerant sonder optiese hulp= middels te lees nie.

Hy verklaar voorts dat hierdie numeriese kriterium die indruk mag skep dat die grense tussen blindheid en hoëgraadse swaksiendheid presies bepaalbaar is, terwyl dit nie die geval is nie. Hy wys veral daarop dat by hoëgraadse swaksiendheid die ortopedagoog hom nie onvoorwaardelik by die gesigskerpte soos deur die medies-optiese ondersoek vasgestel, behoort te hou nie, maar die "optiese prestasievermoë" van die leerling moet in aanmerking geneem word.[124]

Onder die term "optiese prestasie" (Optischer Leistungs- fähigkeit) verstaan hy die somtotaal van die optiese, fisiologiese en psigologiese prestasies saam met die vermoë om die gesigsres meer of minder goed te gebruik.[125]

Op soortgelyke wyse, aldus Teumer, kan die boonste grens van swaksiendheid nie star toegepas word nie, en word in 'n skool vir swaksiendes ook kinders met beter visus as

---

123. Teumer, E. Das Sehbehinderte Kind, pp.6-7.
124. Ibid., p.7.
125. Loc.cit.

6/24 Snellen toegelaat[126] as dit op grond van mediese en pedagogiese oortuiging noodsaaklik is.

Tydens 'n besoek deur die skrywer aan die skool van Teumer in April 1972, konstateer hy dat daar tans nuwe sieninge met betrekking tot die kriteria vir swaksiendheid in die Bundesrepubliek van Duitsland is.

Volgens die Bundessozialhilfegezets, paragraaf 47,[127] word die statutêre numeriese kriterium vir swaksiendheid drieledig gestel, te wete:

1. Ver-visie: Een-derde tot een-twintigste van gewone gesig na korreksie (ongeveer 18/60 Snellen tot 4/60 Snellen).
2. Naby-visie: Een-derde tot een-twintigste van gewone visie na korreksie. Dit is die vermoë om 8-punt koerantskrif op 30 centimeter te lees.
3. Verlies van gesigsveld: (Einschrenkung). As daar 'n verlies van die gesigsveld is sodat die gesigsveld deur minder as 30 grade strek.

Die spesifieke oogkondisie en die prognose word wel ook in aanmerking geneem, byvoorbeeld 'n versteuring in die retina, atrofie van die oogsenuwee, katarak of makulêre steuringe kan volgens Teumer elk ook 'n bykomstige kriterium wees. Oogkondisies wat dus moeilik numeries meetbaar is, word in aanmerking geneem by toelating van leerlinge tot die skool vir swaksiendes.

In Duisburg aan die Rheinische Landesschule für Seh=behinderte waar Bätz die direkteur is[128] word daar benewens die genoemde kriteria deur Teumer gestel, ook in die besonder op die intelligensie van die leerling gelet, sowel as op by=komstige gestremdhede.

126. Loc.cit.
127. Neufassung, 28 Mai 1971. B.G.B.I.S. 731.
128. Bätz, H. Antwoord op vraag 6, Bylae E, April 1972.

In die stad Hamburg, aan die Schule Borgweg is dit die skoolhoof, Wegbrod,[129] se mening dat die tradisionele numeriese kriterium nie pedagogies verantwoordbaar is nie want, om te sien is volgens hom 'n ingewikkelde proses. Soos Bätz in Duisburg, heg hy ook besondere waarde aan die intelligensie as 'n norm by toelating en stel dit dat 'n kind met 'n sekere gesigsres aan 'n gewone skool sal bly, terwyl 'n minder intelligente kind na 'n skool vir swaksiendes sal moet gaan.

Betreffende die prosedure wat daar gevolg word by seleksie vir die skool vir swaksiendes, word 'n leerling voorlopig na die skool vir swaksiendes verwys op grond van die bevinding van die oogarts, sy prognose van die oogkondisie en die psigo-somaties-geestelike habitus van die kind. Die prognose deur die oogarts, aan die hand van die statutêre kriteria, geld nie as enigste kriterium nie maar dit word aangevul deur 'n pedagogiese evaluering van die kind waar daar van die standpunt uitgegaan word dat as die kind, met inagneming van sy intelligensie, as gevolg van sy gesigsge=brek nie aan die gewone skool kan vorder nie, hy 'n kandidaat vir die skool vir swaksiendes is.

3.7.4.5 <u>Oostenryk</u>[130]

Aan die Volkschule und Hauptschule für Sehbehinderte Kinder in Weenen wat reeds in 1923 tot stand gekom het, en die oudste skool van sy soort op die vasteland van Wes-Europa is, berus die kriteria vir toelating tot die skool vir swak=siendes op die volgende beginsels:

1. 'n Ver-visietoets waarin die numeriese kriterium op 6/60 Snellen opgaande tot 6/18 Snellen gestel word.

---

129. Wegbrod, O. Antwoord op vraag 6, Bylae E, April 1972.
130. Die inligting met betrekking tot identifisering van swaksiende leerlinge en die kriterium vir swaksiendheid in Oostenryk is verskaf deur die heer L. Tinkel, direk=teur van die Volkschule und Hauptschule für Sehbehinder=te, Zinkgasse, Weenen, tydens 'n besoek aan die skool in Mei 1972.
Kyk Bylae E, vraag 6.

2. 'n Nabyvisietoets volgens die Jaeger-toets.
3. 'n Toets vir kleuronderskeiding.
4. Die prognose van die oogkondisie word in aanmerking ge= neem, sowel as die mate van gesigsinkrimping wat daar mag wees.
5. Daar moet nie verstandelike vertraging as 'n bykomstige gestremdheid wees nie.
6. Daar word van die standpunt uitgegaan dat as die leerling aan die gewone skool nog enigsins tereg kan kom, dan word hy nie tot 'n skool vir swaksiendes toegelaat nie.

Identifisering en keuring van leerlinge vir toelating tot die skool vir swaksiendes word as 'n besonder betekenisvolle aangeleentheid beskou en word deur 'n spesiale Raad gedoen wat as volg saamgestel is:

Die "Landesschul"-inspekteur (voorsitter),
Die Distrikskoolinspekteur,
'n Spesiale inspekteur van Buitengewone Onderwys,
'n Verteenwoordiger van die Stadsbestuur,
'n Oogarts,
'n Verteenwoordiger van die Skool-mediese diens,
'n Direkteur van 'n Volkschule,
'n Direkteur van 'n Hauptschule.

In die reël stel die hoof van die skool waar die leer= ling is, 'n rapport op wat na die oogarts gaan. Die oogarts ondersoek die leerling en stel sy verslag op.

Hierna gaan die verslag van die leerling, soos tot op hierdie stadium opgestel, na die distrikskoolinspekteur van gewone onderwys onder wie die skool waar die leerling is, ressorteer, en vandaar na die inspekteur van buitengewone onderwys vir sy kommentaar.

Uiteindelik word die verslag aan die genoemde Raad voorgelê wat bepaal na welke skool die leerling moet gaan. Teen hierdie bevinding van die Raad bestaan daar geen appél nie, sodat die ouer nie veel seggenskap in die hele aange= leentheid het nie.

3.7.5 Gevolgtrekking

By die voorafgaande oorsig oor die metodes en tegnieke wat aangewend word, wanneer daar besluit moet word of leer= linge tot die buitengewone onderwys (onderwys vir swaksiendes) toegelaat moet word, is dit duidelik, dat ofskoon daar geen uniformiteit op dié gebied tussen die verskillende lande bestaan nie, daar 'n redelike mate van eenstemmigheid bestaan dat die swaksiende kind nie alleen in terme van visussyfers geïdentifiseer kan word nie, of dat daar ten aansien van 'n numeriese kriterium veralgemeen kan word nie.

'n Mediese kriterium dien as die inisiële norm om 'n swaksiende kind te identifiseer maar met die oog op toelating tot skole vir swaksiendes word die klem deurgaans op pedago= gies-psigologiese oorwegings geplaas, soos die leerling se indiwiduele persoonstruktuur, sy opvoedbaarheid, intelligensie en intensionaliteit. Die prognose van die oogkondisie is ook 'n belangrike faktor.

Daar word ook van die standpunt uitgegaan dat die swak= siende kind tot die wêreld van die normaalsiendes behoort en solank hy aan die gewone skool die mas kan opkom moet hy nie uit hierdie milieu verwyder word nie en sodra hy gereed is moet hy weer in die gewone onderwys geïntegreer word.

## 3.8 SAMEVATTING

In die voorafgaande hoofstuk is 'n uiteensetting van die beheer en organisasie van die onderwys van swaksiendes en aanverwante aangeleenthede in die R.S.A. en enkele oorsese lande gegee.

Daar is in die besonder gelet op die wyse waarop afson= derlike onderwysgeriewe vir swaksiendes onder sekere bestuurs= liggame in die R.S.A. tot stand gekom het soos die Trans= oranje-Instituut in die Transvaal en die Instituut vir Dowes en Blindes te Worcester. Die oorkoepelende beheerinstansie is egter die Staat deur die Departement van Nasionale Op= voeding. Daar is ook op die oorsese situasie gelet om vas te stel hoe koördinasie op die gebied bewerkstellig word.

Aspekte van die organisasie van die onderwys vir swak= siendes wat in die besonder toegelig is, is die aangeleenthede van integrasie en segregasie van swaksiendes in die onderwys.

Op die voor- en nadele van elk van die praktyke is breedvoerig uitgewei en tot die konklusie gekom dat die enigste verantwoordbare organisasie van die onderwys van swaksiendes, dié van algehele segregasie is omdat dit die situasie skep waar volwaardige voorsiening vir gedifferensieer= de onderwys gemaak kan word met die spesifieke onderwysbehoef= tes van die swaksiende in gedagte.

Daar is vervolgens op aangeleenthede soos die kriteria vir swaksiendheid en toelatingsprosedures en tegnieke wanneer swaksiende leerlinge op skole vir swaksiendes aangewys is, gelet.

Probleme en leemtes wat op hierdie vlak van die onder= wys vir swaksiendes ontstaan is toegelig en daar is na die oorsese praktyke in die verband verwys. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat medies-numeriese kriteria nie die uitsluitlike norme moet wees wanneer swaksiende leerlinge oorweeg word vir toelating tot 'n skool vir swaksiendes nie, maar dat ook psigologies-pedagogiese oorweginge die nodige aandag moet geniet.